$1\ cm^2 = 10\ mm \times 10\ mm$

$1\ cm^2 = 100\ mm^2$

$\therefore \left(\frac{2\ 025\ mm^2}{100}\right) cm^2$

$= 20{,}25\ cm^2$

Sy 3,5 cm

2. Bereken die oppervlakte en omtrek van 'n reghoek. Skryf jou antwoord in mm.

Voorbeeld: lengte 3,8 cm, breedte 2,1 cm

Omtrek

$P = 2\ (l + b)$

$= 2\ (3{,}8\ cm + 2{,}1\ cm)$

$= 2\ (5{,}9\ cm)$

$= 11{,}8\ cm$

Oppervlakte

$A = l \times b$

$= 3{,}8\ cm \times 2{,}1\ cm$

$= 7{,}98\ cm^2$

1 m = 100 cm
$1\ m^2 = 100\ cm \times 100\ cm$
$1\ m^2 = 10\ 000\ cm^2$

Skryf jou antwoord in mm² en m².

mm^2

$7{,}98\ cm^2$

$= 7{,}98 \times 100 mm^2$

$= 798\ mm^2$

1 cm = 10 mm
$1\ cm^2 = 1\ cm \times 1\ cm$
$1\ cm^2 = 10\ mm \times 10\ mm$
$1\ cm^2 = 100\ mm^2$

m^2

$= \frac{7{,}98\ cm^2}{10\ 000}$

$= 0{,}000798\ m^2$

Lengte 9,3 cm en breedte 7,2 cm

3. Bereken die oppervlakte van 'n driehoek. Skryf jou antwoord in mm.

Voorbeeld:



Oppervlakte

$A = \frac{1}{2} b \times h$

$\frac{1}{2}$ (5 cm) × 2,3 cm

= 2,5 cm × 2,3 cm

= 5,75 cm^2

Skryf jou antwoord in mm^2

5,75 cm^2

(5,75cm^2 × 100) mm^2

= 575 mm^2

Skryf jou antwoord in m^2

$\left(\frac{5{,}75\ cm^2}{10\ 000}\right) m^2$

= 0,000575 m^2

Basis = 8 cm Hoogte = 2,6 cm

4. Bereken die oppervlakte van die sirkels.

Voorbeeld: Radius is 3 cm.

$A = \pi r^2$

= (3,14159) $(3cm)^2$

= 28,27 cm^2

a Die radius van die sirkels is 4 cm.

b. Die radius van die sirkels is 2,5 cm.

Probleemoplossing

As die oppervlakte van die sirkel 314,159 cm^2 is, wat is die radius?

Teken:

Datum:

R15a

Volume en buite-oppervlakte

Hersien die volgende formules:

Die volume van 'n kubus
$v = l^3$



Die volume van 'n reghoekige prisma
$v = l \times b \times h$

Die volume van 'n driehoekige prisma
$v = \frac{1}{2}(b \times h) \times l$

Buite-oppervlakte van 'n prisma

A = die som van die oppervlakte van al die vlakke

Hersien die volgende:

- As 1 cm = 10 mm dan is 1 cm^3 = 1000 mm^3.
- As 1 m = 100 cm dan is 1 m^3 = 1 000 000 cm^3 of 10^6 cm^3.
- 'n Objek met 'n volume van 1 cm^3 sal presies 1ml water verplaas.
- 'n Objek met 'n volume van 1 m^3 sal presies 1 kl water verplaas.

1. Bereken die volume, kapasiteit en buite-oppervlakte van 'n kubus.

Voorbeeld:

Volume	Kapasiteit	Buite-oppervlakte
 4 cm $v = \ell^3$ $v = (4\ cm)^3$ $v = 64\ cm^3$	Let wel: 'n Objek met 'n volume van 1 cm^3 sal 1 ml water verplaas. 'n Objek wat 64 cm^3 is, sal dus 64 ml water of 0,064ℓ verplaas.	Net van die kubus. Hoeveel vlakke (oppervlakke) is daar?  Buite-oppervlakte = som van die oppervlaktes van al die vlakke. = 6 (oppervlakte van 'n vlak) $= 6a^2$ $= 6\ (4\ cm)^2$ $= 6 \times 16\ cm^2$ $= 96\ cm^2$

Kubieke mm	Kubieke cm	Kubieke m	Liter
1 000 000 000	1 000 000	1	1 000
1 000 000	1 000	0,001	1
1 000	1	0,000001	0,001

Die kant van die kubus is 2,5 cm lank.

Volume	Kapasiteit	Buite-oppervlakte

2. Bereken die volume, kapasiteit en buite-oppervlakte van 'n reghoekige prisma.

Voorbeeld:

Volume	Kapasiteit	Buite-oppervlakte
 $v = l \times b \times h$ $v = 4\text{ cm} \times 1{,}5\text{ cm} \times 2\text{ cm}$ $v = 12\text{ cm}^3$	Let wel: 'n Objek met 'n volume van 1 cm^3 sal 1 ml water verplaas. ∴ 'n Objek wat 12 cm^3 is sal dus 12 ml water verplaas.	Net van die kubus. Hoeveel vlakke (oppervlakke) is daar? 

Kubieke mm	Kubieke cm	Kubieke m	Liter
1 000 000 000	1 000 000	1	1 000
1 000 000	1 000	0,001	1
1 000	1	0,000001	0,001

Buite-oppervlakte

$A = 2lb + 2lh + 2bh$

$= 2\,(4\text{ cm} \times 1{,}5\text{ cm}) + 2(4\text{ cm} \times 2\text{ cm}) + 2(1{,}5\text{ cm} \times 2\text{ cm})$

$= 12\text{ cm}^2 + 16\text{ cm}^2 + 6\text{ cm}^2$

$= 34\text{ cm}^2$

Teken:

Datum:

vervolg ☛

R15b Volume en buite-oppervlakte vervolg

Die reghoek se dimensies is: lengte = 4,5 cm; breedte = 3,5 cm en hoogte 4 cm.

Volume	Kapasiteit	Buite-oppervlakte

3. Bereken die volume, kapasiteit en buite-oppervlakte van 'n driehoekige prisma.

Voorbeeld:

Volume	Kapasiteit	Buite-oppervlakte
 $v = \frac{1}{2} b \times h \times l$ $v = \frac{1}{2}(5\text{ cm}) \times 3\text{ cm} \times 2\text{ cm}$ $v = 2{,}5\text{ cm} \times 3\text{ cm} \times 2\text{ cm}$ $v = 15\text{ cm}^3$	Let wel: 'n Objek met 'n volume van 1 cm^3 sal 1ml water verplaas. ∴ 'n Objek wat 15 cm^3 is, sal 15 ml water verplaas	Net van die driehoekige prisma. Hoeveel vlakke (oppervlakke) is daar? Gebruik Pythagoras om dit te bereken.  Buite-oppervlakte A = 2 (oppervlakte van driehoek) + oppervlakte van 3 reghoeke $= 2\left(\frac{1}{2}(5\text{ cm}) \times 3\text{ cm}\right) + 2(3{,}9\text{ cm} \times 2\text{ cm}) + 1(5\text{ cm} \times 2\text{ cm})$ $= 15\text{ cm}^2 + 15{,}6\text{ cm}^2 + 10\text{ cm}^2$ $= 40{,}6\text{ cm}^2$

Die reghoekige prisma se dimensies is: basis van driehoek 4 cm, hoogte van driehoek 2.5 cm, lengte van prisma 5 cm en die ander twee sye van die driehoek 3,2 cm elk.

Volume	Kapasiteit	Buite-oppervlakte

Probleemoplossing

a. As die volume van 'n kubus 10 648 cm^3 is, wat is die dimensies daarvan in mm en m?

b. Gee alledaagse voorbeelde van waar ons die volume, kapasiteit en die buite-oppervlakte van die volgende kan gebruik:
- kubusse,
- reghoekige prismas, en
- driehoekige prismas

Teken:

Datum:

Hersien: Kyk na die datahanteringsiklus en beskryf dit.

Primêre data
Sekondêre data
Populasie
Steekproef
Opname
Vraelys
Tabelle
Tellings
Stingel-en-blaartabelle
omvang
gemiddelde
mediaan
modus
Staafdiagram
Histogram
Sirkeldiagramme
Piktogram

Hipotese: Graad 9-meisies doen beter in wiskunde en wetenskap as graad 9-seuns?

'n **Hipotese** is 'n stelling of voorspelling waarvoor grondige bewyse dat dit waar is, nou gevind moet word.

Hier volg 'n paar voorbeelde van hipoteses:

- By my skool het almal in graad 9 'n selfoon.
- Alle graad 9-leerders hou van gemorskos.

1. Stel jou navorsingspan saam.

Die name van jou navorsingspan:

_____

_____

_____

_____

2. Wat is die doel van jou navorsing?

3. Wat is jou hipotese?

Primêre data	Populasie
Sekondêre data	Opname
Steekproef	Vraelys

4. Vrae wat jou kan help om te beplan:

a. Watter data het jy nodig?

b. By wie kan jy dit kry?

c. Hoe gaan jy dit insamel?

d. Hoe gaan jy dit aanteken?

e. Hoe gaan jy seker maak die data is betroubaar?

f. Hoekom? Gee redes vir die keuse wat jy uitgeoefen het.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

Data vervolg

Tabelle	omvang
Tellings	gemiddelde
Blaar-en-stingel-tabelle	mediaan
	modus

7. Gebruik die data wat jy ingesamel en aangeteken het om die volgende te doen:

a. Organiseer jou data in ‘n frekwensietabel.

b. Bereken die gemiddelde, mediaan en modus.

c. Bereken die omvang van die data.

d. Maak ‘n blaar-en-stingel-voorstelling.

e. Stel jou data in ‘n grafiek voor. Jy kan meer as een tipe grafiek daarvoor gebruik.

Probleemoplossing

Interpreteer jou grafieke en tabelle en skryf ‘n verslag deur die volgende opskrifte te gebruik:

1. Doel
2. Hipotese
3. Plan
4. Data-insameling
5. Ontleding
6. Gevolgtrekkings
7. Bylaes
8. Verwysings

Teken:

Datum:

Notas

Rainbow WORKBOOKS

Graad 9

wiskunde

DEEL 2

WERKBLAAIE
1 tot 64

AFRIKAANS

Boek 1

1a Reële getalle, rasionale getalle en irrasionale getalle

Diagrammatiese voorstelling van die reële getallestelsel.



$N \subset Z \subset Q \subset A_R \subset R$
($\subset$ = deelversameling van)

1. Bestudeer hierdie definisies:

Natuurlike getal (N vir **natuurlik)**
Natuurlike getalle is die telgetalle {1, 2, 3, ...}, (N_1) die positiewe heelgetalle van die telgetalle {0, 1, 2, 3, ...} (N_0). Wiskundiges gebruik die term "natuurlik" in albei gevalle.

Heelgetal (**Z** vir **Zahlen** = "getalle" in Duits)
Heelgetalle is die natuurlike getalle of telgetalle en die negatiewe getalle daarvan nagatives (… –3, –2, –1, 0, 1, 2, 3, …).

Rasionale getal (**Q** vir ***quotient*** – kwosiënt)
Rasionale getalle is getalle wat uitgedruk kan word as 'n breuk van 'n heelgetal (dit wil sê as 'n verhouding van 'n heelgetal). Rasionale getalle kan opgetel, afgetrek, vermenigvuldig en gedeel word, byvoorbeeld $\frac{1}{2}$ = 0.5 of $\frac{1}{3}$ = 0.333... Rasionale desimale ontwikkelings eindig of repeteer.

Reël-algebraïese getal (**A_R** vir **A**lgebraïes$_{\text{Reël}}$)
'n Reël-algebraïese getal word gedefinieer as 'n getal wat die wortel van 'n polinoom met rasionale koëffisiënte is. Reël-algebraïese getalle kan rasionaal of irrasionaal wees. Die getal $\sqrt{2}$ = 1.41421... is 'n reël-algebraïese getal wat irrasionaal is.

Reële getal (R vir **reël)**
Reële getalle is al die getalle (al die punte) op die kontinue, oneindige lang getallelyn met geen gapings nie. Dit is 'n versameling van elke moontlike oneindige ontwikkeling. Reële getalle kan **rasionaal** of irrasionaal wees asook algebraïes of nie-algebraïes (**transendentaal**). Die getalle π = 3.14159... en e = 2.71828... is transendentaal. 'n Transendentale getal kan nooit as 'n presiese breuk van 'n heelgetal geskryf word nie; dit word deur 'n oneindige reeks van termyne gedefinieer.

Irrasionale getalle
Hierdie getalle kan nie as breuke van heelgetalle geskryf word nie. Irrasionale desimale ontwikkelings eindig of repeteer glad nie.

Transendentale getalle
Dit is irrasionale getalle wat nie deur 'n rekenkundige bewerking teruggekonstitueer kan word as 'n heelgetal nie.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

1b Reële getalle, rasionale getalle en irrasionale getalle vervolg

2. Pas hierdie beskrywings by die regte getallelyn. Begin by "Heelgetal, Z".

- 'n Getal wat uitgedruk kan word as 'n breuk van 'n heelgetal
- Al die getalle
- Natuurlike getalle en hul negatiewe
- Rasionale of irrasionale getalle

Natuurlike, N

Heelgetal, Z



Dit is die heelgetalle.

Rasionale, Q



Dit is die heelgetalle.

Reël-algebraïese, A_R



Dit is die heelgetalle.

Reële, R



3. Wat beteken die intervalle tussen die heelgetalle op die getallelyne op die vorige bladsy?

i. Rasionale _____

ii. Reël-algebraïese _____

iii. Reële _____

4. Voltooi die tabel, soos in voorbeeld a.

		Telgetal	Natuurlike getal	Heelgetal	Rasionale getal	Irrasionale getal	Reële getal
a	200	✓	✓	✓	✓		✓
b	–29						
c	0						
d	1						
e	$\frac{12}{50}$						
f	0,987						
g	$\sqrt{81}$						
h	$\sqrt{5}$						
i	π						
j	124,54						
k	$\frac{22}{7}$						
l	$\sqrt{25 + 9}$						

Probleemoplossing

Die getal **e** (Euler se getal) is 'n beroemde irrasionale getal. Hoekom?

Teken:

Datum:

2 Faktorisering

Bestudeer hierdie faktoriseringsmetodes.

Metode 1:	Metode 2:	Metode 3:
Trapleermetode. 12 | 2 6 | 2 3 | 3 1 | In hierdie voorbeeld is elke faktor 'n priemgetal. Ons kan dit skryf as: $2 \times 2 \times 3 = 12$ Of $2^2 \times 3 = 12$	Wat is die priemfaktore van 12? Breek 12 op in 4×3. Die priemfaktore van 4 is 2 en 2. Die priemfaktor van 3 is 3. Die priemfaktore van 12 is dus 2, 2 en 3. Ons kan dit skryf as $2 \times 2 \times 3 = 12$ of $2^2 \times 3 = 12$	 Onthou, dit is belangrik om jou deelbaarheid reëls te ken wanneer jy met priem-getalle werk.

1. a. Faktoriseer 15

Metode 1:	Metode 2:	Metode 3:

b. Faktoriseer 72

Metode 1:	Metode 2:	Metode 3:

Voordat jy aangaan met vraag c. tot d., moet jy sê van watter metode jy die meeste hou en hoekom.

c. **Faktoriseer 95**

Metode 1:	Metode 2:	Metode 3:

d. **Faktoriseer 100**

Metode 1:	Metode 2:	Metode 3:

2. Priemfaktorisering word gebruik om te bepaal watter priemgetalle saam vermenigvuldig kan word om by die oorspronklike getal uit te kom. As jy priemfaktorisering ken, sal dit jou later baie in wiskunde help. Hoekom? Lees die strokiesprent. Elke keer as 'n karakter sê, "kom ek probeer", moet jy dit self probeer doen.



Probleemoplossing

Priemgetalle is getalle wat net deur een en hulself gedeel kan word. Demonstreer dit deur al die getalle tussen 100 en 200 te gebruik.

Teken:

Datum:

3 Verhouding, eweredigheid en spoed

Probleme oor die afstand wat binne 'n bepaalde tyd afgelê word, kan opgelos word deur formules te gebruik.

Om afstand te bepaal:

$$\text{Afstand} = \text{Spoed} \times \text{Tyd}$$

$$d = s \times t$$

Om tyd te bepaal:

$$\text{Tyd} = \frac{\text{Afstand}}{\text{Spoed}}$$

$$t = \frac{d}{s}$$

Om spoed (koers) te bepaal:

$$\text{Spoed} = \frac{\text{Afstand}}{\text{Tyd}}$$

$$s = \frac{d}{t}$$

Wanneer ons probleme met behulp van hierdie formules oplos, gebruik ons verhouding en eweredigheid.

'n Verhouding is 'n manier om die groottes van twee of meer hoeveelhede te vergelyk. Dus is 4:7 en 8:14 verhoudings.

'n Eweredigheid is 'n stelling dat twee verhoudings gelyk is. Dus is 4:7 eweredig aan 8:14 (wat beteken dat 4 tot 7 is wat 8 tot 14 is).

'n Eweredigheid kan op twee maniere geskryf word:

- as twe gelyke breuke $\frac{4}{7} = \frac{8}{14}$ of
- op hierdie manier 4 : 7 = 8 : 14

Wanneer twee verhoudings gelyk is, dan is die "kruisprodukte" van die verhoudings gelyk. Vir die eweredigheid van a:b::c:d jy kan vermenigvuldig a × d = b × c, soos in hierdie voorbeeld:

$\frac{4}{7} = \frac{8}{14}$ dus is 4 × 14 = 56 en 7 × 8 = 56

Voorbeeld: My gesin het 300 km teen 'n koers van 60 km per uur afgelê. Hoe lank het hulle gereis?

Die koers van "km per uur" gee die afstand wat per ene tyd afgelê is.

Wat wil ons vasstel? Die tyd.

Gebruik "kruisprodukte".

Ons kan 'n formule gebruik of met verhoudings en eweredigheid werk.

Formule om tyd te bepaal:

$$\text{Tyd} = \frac{\text{Afstand}}{\text{Koers}}$$

$$\text{Tyd} = \frac{300}{60} = 5 \text{ ure}$$

Om met verhoudings en eweredigheid te werk:

$$\frac{60 \text{ km}}{1 \text{ h}} = \frac{300 \text{ km}}{t}$$

$$60 \times t = 300 \times 1$$

$$60t = 300$$

$$\frac{60\,t}{60} = \frac{300}{60}$$

$$t = 5$$

1. **Voltooi die tabel**

	Koers	Tyd	Afstand	Formule
a.	90 km/h	?	11 700 km	
b.	50 km/h	8 uur	?	
c.	120 km/h	?	61 200 km	
d.	500 km/h	2 uur 30 minute	?	
e.	1 000 km/h	?	20 000 m	

2. **'n Motor ry 60 km binne 36 minute. Hoe ver sal dit teen dieselfde gemiddelde spoed binne 1 uur 12 minute ry?**

3. **'n Trein wat teen 'n gemiddelde spoed van 100 km/h ry, lê 'n bepaalde afstand binne 3 uur 36 minute af. Teen watter gemiddelde spoed moet die trein ry om dieselfde afstand binne 2 uur 30 minute af te lê?**

Probleemoplossing

Skryf 'n probleem deur 'n voorbeeld oor spoed, afstand en tyd uit jou alledaagse lewe te gebruik. Vra 'n familielid om jou daarmee te help.

Teken:

Datum:

4 Wat is direkte eweredigheid?

Direkte eweredigheid

Soos die een waarde verhoog (of verlaag), verhoog (of verlaag) die ander. Hoe dink jy sal dit op 'n grafiek lyk?



Terwyl jy besig is met hierdie werkblad, moet jy dink aan wat **aangekeerde eweredigheid** kan beteken. Ons bespreek dit op die volgende werkblad.

Los eweredigheidsprobleme met behulp van verskillende metodes op.
Voorbeeld: Die koste van 4 boeke is R150. Hoeveel kos 7 boeke dan?

Metode 1: Eenheidsmetode - Bepaal die waarde van 1 ene en vermenigvuldig om die waarde van die verlangde aantal ene te bepaal	**Metode 2:** "Kruisvermenigvuldig"	**Metode 3: Reël van drie** Stel terme in die regte kolomme op; vermenigvuldig 3de term met 2de; deel dan deur 1ste term.
Boeke / **Rand** **4** / R150 **1** / $\frac{R150}{4}$ = R37,50 **7** / 7 × R37,50 = R262,50 	**Boeke** / **Rand** 4 / R150 7 / x 4 :150 :: 7 : x (1ste : 2de :: 3de : 4de) 4 × x = 7 × R150 (1ste × 4^{de} = 2^{de} × 3^{de}) $\frac{4}{7} = \frac{R150}{x}$ $\frac{4x}{4} = \frac{R1\,050}{4}$ x = R262,50	**Boeke** / **Rand** 4 / R150 7 / x 4 :150 :: 7 : x (1ste : 2de :: 3de : 4de) x = 7 × R150 ÷ 4 (x = 3^{de} × 2^{de} ÷ 1ste) $x = \frac{7 \times 150}{4}$ x = R262,50

Trek 'n grafiek.



Hoe toon hierdie grafiek direkte eweredigheid?

1. **Gebruik die 3 metodes om hierdie probleem op te los en ‘n grafiek te trek. 5 T-hemde kos R120. Hoeveel sal 9 T-hemde kos?**

Metode 1:	Metode 2:	Metode 3:

Trek ‘n grafiek om dit te demonstreer.

Probleemoplossing

Waar sal jy direkte eweredigheid in jou alledaagse lewe gebruik? Demonstreer dit deur ‘n grafiek daarvan te trek.

Teken:

Datum:

Omgekeerde eweredigheid
Soos een waarde toeneem, is daar 'n ooreenstemmende afname in die ander waarde.



1. Los die volgende op deur al die metodes te gebruik en trek 'n grafiek.

Voorbeeld: As 10 mense 4 dae lank aan 'n gat grawe, hoe lank sal 8 mans aan 'n gat grawe?

Metode 1: Unitêr Bepaal die waarde van 1 ene en vermenigvuldig dit om die waarde van die verlangde aantal ene te kry.	**Metode 2: Redenering** Stel terme in die regte kolomme op; vermenigvuldig die 1ste term met die 2de term, en die 3de term met die 4de term.	**Metode 3: Reël van drie** Stel terme in die regte kolomme op; vermenigvuldig die 1ste term met die 2de term en deel dan deur die 3de term.
Mans — **Dae** 10 neem 4 1 neem $10 \times 4 = 40$ 8 neem $= 5\frac{40}{8}$ Dit sal 8 mans 5 dae lank neem om 'n gat te grawe. Let wel: Minder mense het meer tyd nodig. 	**Mans** — **Dae** 10 — 4 8 — x $10 : 8 = 4 : x$ $10 : 4 = 8 : x$ ($1^{ste} : 2^{de} = 3^{de} : 4^{de}$) $10 \times 4 = 8 \times x$ ($1^{ste} \times 2^{de} = 3^{de} \times 4^{de}$) $40 = 8x$ $\frac{8x}{8} = \frac{40}{8}$ $x = 5$	**Mans** — **Dae** 10 — 4 8 — x $10 : 8 = 4 : x$ ($1^{ste} : 2^{de} = 3^{de} : 4^{de}$) $x = 10 \times 4 \div 8$ ($x = 1^{ste} \times 2^{de} \div 3^{de}$) $x = \frac{10 \times 4}{8}$ $x = 5$

a. As 3 vroue 21 T-hemde per dag maak, hoe lank sal dit 12 vroue dan neem?

Metode 1:	Metode 2:	Metode 3:

b. Trek 'n grafiek.

c. Hoe word omgekeerde eweredigheid op hierdie grafiek getoon?

Probleemoplossing

Waar sal jy omgekeerde eweredigheid in jou alledaagse lewe gebruik? Demonstreer dit op 'n grafiek.

Teken:

Datum:

Finansies – Begroting, lenings en rente

Kan jy nog onthou wat 'n **begroting** is?

'n **Begroting** is die raming van koste en inkomste oor 'n gespesifiseerde tydperk.

Wat is **lenings** en **rente**?

'n **Lening** is die som geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of maatskappy uitleen, met die doel om winste te maak sodra die geld terugbetaal word.

Rente is die fooi wat 'n uitlener vir 'n lener vra om die geleende geld te gebruik. Die rentekoers word gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die bedrag wat geleen word (die hoofsom).

Weet jy wat die verskil is tussen **enkelvoudige** en **saamgestelde** rente?

Rente kan op twee maniere bereken word:

- **Enkelvoudige rente**
  Die formule vir enkelvoudige rente is soos volg:

$$\frac{\text{Hoofsom} \times \text{rentekoers (\%)} \times \text{aantal tydperke}}{100}$$

- **Saamgestelde rente**
  Saamgestelde rente beteken dat die rente die rentebedrag wat op die rente bereken word, insluit.

- Die formule vir die berekening van die **totale toekomstige bedrag** verskuldig is:

$$\text{Hoofbedrag} \times \left(1 + \frac{\text{Rentekoers (\%)}}{100}\right)^{\text{Aantal tydperke}}$$

Voorbeeld van saamgestelde rente

- 'n Bedrag van R100 word twee jaar lank belê teen rente van 10%, jaarliks saamgestel (toegevoeg).
- Die rente aan die einde van die eerste jaar is: R100 × 10% = R10.
- In die tweede jaar sal die rentekoers van 10% nie net op die R100 toegepas word nie, maar ook op die R10-rente van die eerste jaar.
- In die tweede jaar sal die rente dus R110 × 10% = R11 wees.
- Die totale rente wat oor die twee jaar verdien is, sal R10 (jaar 1) + R11 (jaar 2) = R21 wees.
- Die totale belegging ná twee jaar: R100 (hoofsom) + R21 (rente) = R121.
- Gebruik die formule: Totale toekomstige bedrag $= R100\,(1 + 0{,}10)^2$
  $= R100\,(1{,}1)^2$
  $= R100\,(1{,}21)$
  $= R121$

1. Palesa moet R500 se rente verdien sodat sy genoeg het om 'n gebruikte fiets te koop. Sy plaas R2 000 in 'n rekening wat 5% enkelvoudige rente per jaar verdien. Hoe lank moet sy haar geld in die rekening hou voordat sy genoeg geld sal hê om die fiets te koop?

2. Thabo het R500 wat hy belê in 'n rekening wat 8% rente, jaarliks saamgestel, betaal. Hoeveel geld gaan Thabo aan die einde van drie jaar hê?

3. Susan het R1 000 wat sy belê in 'n rekening wat 8,5% rente, jaarliks saamgestel, betaal. Hoeveel geld gaan Susan aan die einde van vyf jaar hê?

4. Jy het laasjaar R4 750 gespaar. Jy besluit dat dit die beste sal wees om die geld te belê. Jou plaaslike bank bied twee beleggingsopsies: Opsie 1: 'n Vaste deposito van vyf jaar met 3,25% enkelvoudige rente per jaar. Opsie 2: 'n Vaste deposito van vyf jaar met 3,10% saamgestelde rente per jaar. Watter vyfjaarbelegging sal die beste opsie wees?

Probleemoplossing

Gestel dat jy graag R100 000 binne ses-en-dertig maande wil hê, wanneer jy van plan is om by 'n universiteit in te skryf. Jy wil in 'n plan belê wat 3,5% rente per jaar, maandeliks saamgestel, oplewer. Hoeveel moet jy dan belê?

Teken:

Datum:

7 Finansies – Huurkoop

Kan jy nog die betekenis van **huurkoop** onthou?



Huurkoop is 'n stelsel waarvolgens 'n koper in gereelde paaiemente vir 'n bate betaal, terwyl hy of sy die gebruik daarvan geniet.

Eienaarskap van die item gaan nie tydens die terugbetalingstydperk aan die koper oor nie. Sodra die lening ten volle terugbetaal is, word die titel aan die koper oorgedra.

Daar is baie organisasies wat huurkoop- of huurooreenkomste aangaan om oor 'n tydperk vir toerusting te betaal en dit dan te gebruik in plaas daarvan om die volle koste vooraf te betaal.

Die terugbetalingstydperk is gewoonlik dieselfde as die produksieleeftyd van die masjien. 'n Boer koop byvoorbeeld 'n trekker en betaal dit oor vyf jaar af. Ná vyf jaar moet hy tipies die trekker vervang.

1. Die huurkoopprys van 'n yskas is R6 500. 'n Deposito van R500 word gemaak, en die oorblywende bedrag word in gelyke maandelikse paaiemente van R250 betaal.

   a. Bereken die aantal maandelikse paaiemente wat betaal moet word.

   b. As die kontantprys R4 000 is, druk die ekstra koste om op huurkoop te koop, as 'n persentasie van die kontantprys uit.

   c. Wat is die rentekoers (enkelvoudige rente) wat op hierdie transaksie gehef word?

2. 'n Nuwe TV kos R6 900 as dit kontant gekoop word. Dit is beskikbaar op huurkoop met 'n deposito van 15%, gevolg deur 12 paaiemente van R558,50 elk. Bepaal die totale huurkoopprys en die ekstra bedrag (op die kontantprys) wat jy moet betaal omdat jy van huurkoop gebruik maak.

3. Die kontantprys van 'n fiets is R220. Die huurkoopprys is R300. As die deposito 10% is, gevolg deur 10 gelyke maandelikse paaiemente, bepaal dan die bedrag wat jy elke maand moet betaal.

Probleemoplossing

'n DVD-speler kos R240 kontant. Dit is op huurkoop beskikbaar deur 'n deposito van 20% te betaal, gevolg deur 12 paaiemente van R18,50. Bepaal die ekstra bedrag wat vir die huurkoop betaal moet word.

As jy R18,50 per maand spaar teen 12% rente per jaar, maandeliks saamgestel, hoe lank moet jy spaar om die DVD-speler kontant te koop? Hoeveel spaar jy dan?

Onthou dat die rente maandeliks saamgestel word. Trek 'n tabel om jou hiermee te help.

Teken:

Datum:

8 Finansies – Wisselkoerse

Weet jy wat wisselkoers beteken?

'n **Wisselkoers** is die heersende markprys waarteen een geldeenheid vir 'n ander geruil kan word.

Die **rand** (teken: R; kode: ZAR) is Suid-Afrika se geldeenheid.

In China gebruik mense deesdae **renminbi** as hul geld. In Chinees beteken renminbi "die mense se geld". 'n Ene van hierdie geldeenheid word die **yuan** genoem.

Die simbool vir die yuan lyk so: ¥ (kode: CNY)

Die **Kanadese dollar** (teken: $; kode: CAD) is Kanada se geldeenheid.

Gebruik die wisselkoers in die tabel om jou te help om die woordsomme op te los. Wys jou bewerkinge in die ruimte wat voorsien word.

	ZAR (R)	USD ($)	GBP (£)	CAD ($)	EUR (€)	AUD ($)
ZAR	1,00	6,76	11,06	6,89	9,88	7,17
USD	0,15	1,00	1,60	0,92	1,46	0,87
GBP	0,09	1,09	1,00	0,58	0,91	0,55
CAD	0,15	1,09	1,74	1,00	1,59	0,95
EUR	0,10	0,69	1,10	0,63	1,00	0,60
AUD	0,14	1,15	1,83	1,05	1,67	1,00

1. Suzanne wil graag 'n nuwe CD van Duitsland af bestel. Sy het R250 in haar spaarrekening. Die CD kos €5. Hoeveel geld sal sy in ZAR oorhê nadat sy die CD gekoop het?

   As sy dieselfde CD vir $7 van Kanada af bestel, vanwaar moet sy dit bestel as sy die beste prys daarvoor wil betaal, op voorwaarde dat die verskepingskoste dieselfde is?

2. Reinette woon in Worcester, Suid-Afrika. Haar oom woon in Sydney, Australië. Reinette het $50 van haar oom vir haar verjaarsdag ontvang. Hoeveel Suid-Afrikaanse rand (ZAR) kan sy met haar verjaarsdaggeld koop?

3. Reinette gebruik die geld wat sy by haar oom gekry het om 'n nuwe rekenaar-program van die Verenigde State van Amerika af te koop. Nadat sy die program gekoop het, het sy nog R150 oor. Hoeveel kos die program in VS dollar ($)?

4. Reinette wil graag nog 'n program van Engeland af bestel. Die program kos £15. Sal Reinette nog genoeg geld hê om hierdie program te koop?

Probleemoplossing

Watter geldeenheid in die tabel het die hoogste gewaardeerde geldeenheid?

Teken:

Datum:

9 Finansies – Kommissie en huurgeld

Weet jy wat kommissie beteken?
Wat is huurgeld?

Kommissie is die fooi wat 'n makelaar of 'n agent vir sy of haar diens vra om 'n transaksie soos die koop of verkoop van goedere te fasiliteer.

Huurgeld is die geld wat betaal word wanneer 'n item vir 'n spesifieke tydperk uitverhuur word.

Baie werknemers ontvang salarisse op grond van die aantal ure wat hulle oor 'n bepaalde tydperk gewerk het plus kommissie

1. André bly in Johannesburg. Sy ouers beplan om vir 'n vakansie Kaapstad toe te gaan. Hulle besluit om Kaapstad toe te vlieg en daar 'n motor te huur. Die motorverhurings maatskappy vra R200 per dag (insluitend 200 km gratis) en R1,80 per km. Die versekering beloop 7.5% van die daaglikse huurbedrag en om 'n GPS te huur, kos 'n bykomende R45 per dag.

   Wat sal die totale koste vir die motor huur beloop as hulle ses dae lank in Kaapstad deurbring en altesaam 1 650 km aflê?

2. 'n Vragmotorverhuringsagentskap hef 'n daaglikse fooi plus 'n kilometerfooi. Julie moes R460 vir twee dae en 100 km betaal, terwyl Christina R1 050 vir drie dae en 400 km betaal het. Wat is die agentskap se daaglikse fooi en wat is die kilometerfooi?

3. Hertz vra 'n verwerkingsfooi van R115,00 en R210 per dag om 'n motor te verhuur. Avis Car Rental se verwerkingsfooi is R255,00 en hy vra R190 per dag om 'n motor te verhuur. Wanneer sal die koste van die twee maatskappye se huurgeld gelyk wees?

4. Tara is 'n verkoopsverteenwoordiger vir 'n kosmetiekmaatskappy. Sy word elke week R5,15 per uur betaal plus 'n kommissie van 10% op 'n verkoopsbedrag bo R5 000. Sy werk een week 40 uur en verkoop kosmetiek ter waarde van R7 260 vir daardie week. 'n Ander kosmetiekmaatskappy het haar 'n werk aangebied waar sy R5,00 per uur betaal sal word vir 'n veertiguur-werksweek plus 'n kommissie van 4% op haar totale verkope. Watter pos betaal meer? Moet sy van werk verander?

5. Twee meubelverkoopspersone staan en vergelyk hul salarisse. Gert word R25,00 per uur betaal plus 'n kommissie van 15% op sy totale verkope. Ben ontvang R29,00 per uur plus kommissie van 10% op sy totale verkope. Gestel dat elkeen meubels ter waarde van R5 000 verkoop het. Vergelyk hul inkomste oor verskillende tydperke om te bepaal wanneer hulle dieselfde gaan verdien. Wat sal daarna gebeur? Wie het voor daardie tydstip meer verdien?

Probleemoplossing

'n Eiendomsagent ontvang kommissie van 6% op die verkoopsprys van 'n huis. As sy kommissie R8 650 was, wat was dan die verkoopsprys van die huis?

Teken:

Datum:

10a Eienskappe van getalle

Hersien: Gee 'n voorbeeld van elke eienskap. Skryf 'n formule vir elkeen neer.

Kommutatief	Assosiatief	Distributief
Nul as 'n eienskap van optelling	Een as 'n eienskap van vermenigvuldiging	

1. Gebruik die kommutatiewe eienskap om aan te dui dat die vergelykings gelyk aan mekaar is.

Voorbeeld:

$a + b = b + a$
$a^2 + b^2 = b^2 + a^2$
$a \times b^2 = b^2 \times a$
$2a + b = b + 2a$
$2a \times 2b = 2b \times 2a$

Maar:

$a \div b \neq b \div a$
en
$a - b \neq b - a$

a. $y^2 + x =$ $x + y^2$

b. $3x + y^2 =$ _____

c. $3x^2 + 5y^2 =$ _____

d. $2x + y =$ _____

e. $5y + x^2 =$ _____

Toets albei kante van die vergelyking in a. tot e. as $x = 2$ en $y = -3$.

f.

$y^2 + x$	en	$x + y^2$
$= (-3)^2 + 2$		$= 2 + (-3)^2$
$= 9 + 2$		$= 2 + 9$
$= 11$		$= 11$

g.

h.

i.

j.

2. Gebruik die assosiatiewe eienskap om aan te dui dat die vergelykings gelyk aan mekaar is.

Voorbeelde:

- $(a + b) + c = a + (b + c)$
- $(a^2 + b^2) + c^2 = a^2 + (b^2 + c^2)$
- $(a \times b) \times c = a \times (b \times c)$
- $(a^2 \times b) \times c = a^2 \times (b \times c)$

Maar: $(a - b) - c \neq a - (b - c)$ en $(a \div b) \div c \neq 1 \div (b \div c)$

a. $(3m + n) + p^2 =$

b. $(n^2 + p^3) + 4m^2 =$

c. $(m \times p) \times n^3 =$

d. $(p^2 \times n^3) \times m^3 =$

e. $(n \times p^2) \times m^3 =$

Toets albei kante van die vergelykings in a. tot e. as $m = -4$ en $n = 6$.

f.

g.

h.

i.

j.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

3. Gebruik die distributiewe eienskap om aan te dui dat die vergelykings gelyk aan mekaar is.

Voorbeelde: $a(b + c) = a \times b + a \times c$

$a(b^2 + c^2) = a \times b^2 + a \times c^2$

$a(b - c) = a \times b - a \times c$

$a(b^2 - c^2) = a \times b^2 - a \times c^2$

a. $(b^2 + c^3)d =$

b. $(d^2 \times b^3) + (d^2 \times c^3) =$

c. $d \times (c + b^2) =$

d. $c\ (b + d^2) =$

e. $(b^2 + d^2) \times c^3 =$

Toets nou beide kante van elke vergelyking in a. tot e. as b = 1, c = 3 en d = 4 is.

f.

g.

h.

i.

j.

4. Gebruik die identiteitseienskap van optelling of vermenigvuldiging om die vergelykings waar te maak.

Voorbeeld:

a ___ $= a$

$a + 0 = a$

$a \times 1 = a$

a. b ____ $= b$

of

b ____ $= b$

b. c^2 ____ $= c^2$

of

c^2 ____ $= c^2$

c. p^3 ____ $= p^3$

of

p^3 ____ $= p^3$

d. m^3p^2 ____ $= m^3p^2$

of

m^3p^2 ____ $= m^3p^2$

e. xx ____ $= x^2$

of

xx ____ $= x^2$

Probleemoplossing

Gebruik a, b en c, asook die distributiewe eienskap om 'n vergelyking op te stel en los dit op deur gebruik te maak van die volgende: $a = 2$, $b = 3$, $c = -1$.

Teken:

Datum:

11 Optelling en aftrekking van breuke

Voordat jy met hierdie werkblad begin, moet jy seker maak jy weet wat die volgende beteken. Gee 'n voorbeeld van elkeen.

Faktore	GGD	Veelvoude	KGV	Onegte breuk na gemengde getal	Gemengde getal na onegte breuk	Om 'n breuk te vereen-voudig

1. Demonstreer hoekom hierdie breuke ekwivalent is.

Voorbeeld: $\frac{3}{9} = \frac{1}{3}$

Faktore van 3 = {1;3}
Faktore van 9 = {1;3;9}
GGF = 3

$\therefore \frac{3}{9} \div \frac{3}{3} = \frac{1}{3}$

GGF is die afkorting vir grootste gemeenskaplike faktor.

a. $\frac{4}{28} = \frac{1}{7}$

b. $\frac{24}{60} = \frac{2}{5}$

c. $\frac{25}{125} = \frac{1}{5}$

2. Bereken en vereenvoudig breuke wat veelvoude van mekaar is.

Voorbeeld: $\frac{1}{2} + \frac{3}{4}$

$= \frac{1}{2} \times \frac{2}{2} + \frac{3}{4}$

$= \frac{2}{4} + \frac{3}{4}$ of $\frac{2+3}{4}$

$= \frac{5}{4}$

$= 1\frac{1}{4}$

Hoekom het ons $\frac{1}{2} \times \frac{2}{2}$ vermenigvuldig?

Kan ons breuke met verskillende noemers optel?

Ja, as ons die noemers dieselfde maak.

a. $\frac{2}{4} + \frac{7}{8} - \frac{1}{6} =$

b. $\frac{9}{10} - \frac{3-2}{5} + \frac{7}{8} =$

c. $\frac{2}{6} + \frac{5+1}{12} =$

d. $\frac{8}{10} + \frac{2}{6} - \frac{9}{12} =$

e. $\frac{13}{15} - \frac{8}{10} + \frac{1}{5} =$

f. $\frac{3}{4} - \frac{5-3}{6} + \frac{7}{8} =$

3. Bereken die volgende:

Voorbeeld:

$2\frac{1}{5} + \frac{3}{6}$

$= \frac{11}{5} + \frac{3}{6}$

Veelvoude van 5 = {5; 10; 15; 20; 25; 30; 35}

Veelvoude van 6 = {6: 12; 18; 24; 30; 36}

KGV = 30

$= \frac{11}{5} \times \frac{30}{30} + \frac{3}{6} \times \frac{30}{30}$

$= \frac{11}{1} \times \frac{6}{30} + \frac{3}{1} \times \frac{5}{30}$

$= \frac{66}{30} + \frac{15}{30}$

$= 2\frac{21}{30} = 2\frac{7}{10}$

KGV is die afkorting vir kleinste gemene veelvoud.

a. $3\frac{7}{10} - 1\frac{8}{9} =$

b. $-2\frac{2}{10} + 1\frac{6}{7} =$

c. $8\frac{3}{4} - 6\frac{5}{6} + \frac{1}{2} =$

d. $5\frac{4}{10} - 8\frac{4}{5} =$

e. $3\frac{1}{2} + 2\frac{3}{9} + \frac{3}{8} =$

f. $9\frac{7}{8} - 7\frac{3}{7} =$

Probleemoplossing

As die antwoord op 'n som $\frac{3}{4}$ is, wat kan die som dan wees? Ontwikkel jou eie woordsomme soos dié.

Teken:

Datum:

12 Optelling en aftrekking van breuke wat vierkante, kubusse, vierkantswortels en derdemagswortels insluit

Voordat jy met hierdie werkblad begin, moet jy seker maak jy weet wat die volgende beteken. Gee 'n voorbeeld van elkeen.

Bereken 'n kwadraatgetal.	Bereken 'n vierkantswortel.	Bereken 'n derdemag.	Bereken 'n derdemagswortel.

1. Bereken die volgende breuke deur die voorbeelde as riglyn te gebruik.

Voorbeeld 1:

$$\frac{2^2}{2^3} + \frac{3^2}{4^2}$$
$$= \frac{4}{8} + \frac{9}{16}$$
$$= \frac{8}{16} + \frac{9}{16}$$
$$= \frac{17}{16}$$
$$= 1\frac{1}{16}$$

Voorbeeld 2:

$$-\frac{1^3}{3^2} - \frac{2^3}{4^2}$$
$$= -\frac{1}{9} - \frac{8}{16}$$
$$= -\frac{16}{144} - \frac{72}{144}$$
$$= -\frac{88}{144}$$
$$= -\frac{11}{8}$$

9	3
3	3
1	

16	2
2	2
2	2
2	2

KGV: **3 × 3 × 2 × 2 × 2 × 2 = 144**

GGF = 8

88 ÷ 8 = 11

144 ÷ 8 = 16

88	2
44	2
22	2
11	11
1	

144	2
72	2
36	2
18	2
9	3
3	3
1	

GGV: **2 × 2 × 2 = 8**

Beskou voorbeeld 2: Hoekom is dit belangrik om KGV en GGF te verstaan wanneer ons breuke bereken?

a. $\frac{8^2}{8^3} - \frac{10^2}{10^3} =$

b. $\frac{2^2}{2^3} + \frac{7^2}{7^3} =$

c. $\frac{4^2}{4^3} + \frac{4^2}{4^3} =$

d. $\frac{5^2}{5^3} - \frac{3^2}{3^3} =$

e. $\frac{1^2}{1^3} - \frac{9^2}{9^3} + \frac{11^2}{11^3} =$

f. $\frac{4^2}{4^3} + \frac{15^2}{15^3} =$

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $\frac{\sqrt{9}}{\sqrt{16}} + \frac{\sqrt[3]{8}}{\sqrt[3]{27}}$

$= \frac{3}{4} + \frac{2}{3}$

$= \frac{9}{12} + \frac{8}{12}$ of $\frac{9+8}{12}$

$= \frac{17}{12}$

$= 1\frac{5}{12}$

a. $\frac{\sqrt{25}}{\sqrt{100}} + \frac{\sqrt[3]{1\ 331}}{\sqrt[3]{144}} =$

b. $\frac{\sqrt{36}}{\sqrt{1000}} - \frac{\sqrt[3]{64}}{\sqrt{25}} =$

c. $\frac{\sqrt{1}}{9} + \frac{\sqrt[3]{8}}{\sqrt{16}} =$

d. $\frac{\sqrt{1}}{\sqrt[3]{1000}} - \frac{\sqrt[3]{64}}{\sqrt{25}} =$

e. $\frac{\sqrt[3]{1\ 331}}{\sqrt[3]{8}} + \frac{\sqrt{169}}{\sqrt{144}} =$

f. $\frac{\sqrt{81}}{\sqrt[3]{1000}} - \frac{\sqrt[3]{27}}{\sqrt[3]{64}} =$

Probleemoplossing

Ontwikkel jou eie woordsomme deur derdemagte en derdemagswortels te gebruik.

Teken:

Datum:

13a Vermenigvuldiging van gewone breuke

Wat is die resiprook van 'n getal?

Om die resiprook van 'n getal te kry, deel 1 deur die getal.	As jy 'n getal met sy resiprook vermenigvuldig, kry jy 1.	Het jy geweet dat elke getal, behalwe 0, 'n resiprook het?	Dit word ook die vermenigvuldigingsinverse of omgekeerde genoem.
Die resiprook van 2 is $\frac{1}{2}$	… byvoorbeeld $3 \times \frac{1}{3} = 1$	… want $\frac{1}{0}$ is ongedefinieer.	

1. Bereken en vereenvoudig.

Voorbeeld:

$$6 \times \frac{1}{2}$$
$$= \frac{6}{1} \times \frac{1}{2}$$
$$= \frac{6}{2}$$
$$= 3$$

a. $8 \times \frac{1}{2} =$

b. $9 \times \frac{1}{3} =$

c. $7 \times \frac{1}{14} =$

d. $5 \times \frac{2}{15} =$

e. $4 \times \frac{2}{12} =$

f. $9 \times \frac{1}{27} =$

2. Vereenvoudig:

Jy kan vereenvoudig deur die grootste gemeenskaplike faktore (GGF) te bepaal – as jy die GGF aanvanklik nie kan bepaal nie, hou aan om te vereenvoudig met kleiner gemeenskaplike faktore.

Voorbeeld:

$$\frac{4}{8} \times \frac{7}{6}$$
$$\frac{4 \times 7}{8 \times 6} = \frac{28}{48}$$

Vereenvoudig, indien nodig:

$$\frac{28}{48} \div \frac{4}{4}$$
$$= \frac{7}{12}$$

Hoe het ek geweet om te vereenvoudig deur te deel deur 4?
Faktore van 28 = {1; 2; 4; 7; 14; 28}
Faktore van 48 = {1; 2; 4; 6; 8; 12; 16; 24; 48} of

48	2	28	2
24	2	14	2
12	2	7	7
6	2	1	
3	3		
1			

48 = 2 × 2 × 2 × 2 × 3
28 = 2 × 2 × 7

GGF = 2 × 2 = **4**

a. $\frac{1}{6} \times \frac{2}{4} =$

b. $\frac{3}{4} \times \frac{2}{5} =$

c. $\frac{2}{7} \times \frac{1}{2} =$

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$-\frac{8}{9} \times \frac{7}{10}$$
$$= -\frac{8}{9} \times \frac{7}{10}$$
$$= -\frac{28}{45}$$

of

$$-\frac{8 \times 7}{9 \times 10}$$
$$= -\frac{56}{90}$$
$$= -\frac{56}{90} \div \frac{2}{2}$$
$$= -\frac{28}{45}$$

90	2	56	2
45	5	28	2
9	3	14	2
3	3	7	7
1		1	

90 = 2 × 5 × 3 × 3
56 = 2 × 2 × 2 × 7

GGF = 2

a. $\frac{2}{10} \times \frac{6}{8} =$

b. $\frac{2}{6} \times -\frac{3}{7} =$

c. $\frac{4}{8} \times \frac{2}{2} =$

Teken:

Datum:

vervolg ☛

13b Vermenigvuldiging van gewone breuke vervolg

4. Vereenvoudig:

Vereenvoudig DEUR die grootste gemeenskaplike faktore (GGF) te bepaal. As jy die GGF aanvanklik nie kan bepaal nie, hou aan om te vereenvoudig, deur met kleiner gemeenskaplike faktore te deel.

Voorbeeld:

$$\frac{12}{14} \times \frac{7}{8}$$
$$= \frac{12}{14} \times \frac{7}{8}$$
$$= \frac{3 \times 1}{2 \times 2}$$
$$= \frac{3}{4}$$

of

$$\frac{12 \times 7}{14 \times 8}$$
$$\frac{84 \div 24}{112 \div 24}$$
$$= \frac{3}{4}$$

112	2
56	2
28	2
14	2
7	7
1	

84	2
42	2
21	7
3	3
1	

$2 \times 2 \times 2 \times 2 \times 7$
$2 \times 2 \times 3 \times 7$

KGV = 28
GGF = 7

a. $\frac{3}{4} \times \frac{4}{7} =$

b. $\frac{2}{9} \times \frac{3}{10} =$

c. $\frac{4}{8} \times \frac{1}{6} =$

5. Vereenvoudig en skryf jou antwoorde as gemengde getalle (gebruik 'n sakrekenaar, indien nodig):

Voorbeeld:

$$4\frac{5}{6} \times 3\frac{2}{3}$$
$$= \frac{29}{6} \times \frac{11}{3}$$
$$= \frac{29 \times 11}{6 \times 3}$$
$$= \frac{319}{18}$$
$$= 17\frac{13}{18}$$

HERSIENING

Om gemengde getalle tot onegte breuke te herlei:
$4\frac{5}{6}$ (vermenigvuldig 4 met 6 en tel 5 = $\frac{26}{6}$ daarby om die teller te kry).
$3\frac{2}{3}$ (vermenigvuldig 3 met 3 [noemer] en tel 2 daarby om die teller = $\frac{11}{3}$ te kry.

Om 'n onegte breuk na 'n gemengde getal te verander:
$\frac{319}{18}$ (vra hoeveel keer 18 in 319 ingaan (319 ÷ 18 = 17 res 13) = $17\frac{13}{18}$).
Gebruik 'n sakrekenaar indien nodig.

a. $2\frac{1}{3} \times 1\frac{1}{4} =$

b. $\frac{1}{2} \times 2 =$

c. $3\frac{4}{5} \times 4\frac{2}{20} =$

6. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$-5\frac{1}{2} \times \frac{4}{10}$

$= -\frac{11}{2} \times \frac{4}{10}$

$= -\frac{11 \times 4}{2 \times 10}$

$= -\frac{44}{20}$

$= -2\frac{4}{20}$

Vereenvoudig = $-2\frac{1}{5}$

HERSIENING

Kan jy nog onthou?

('n Positiewe getal) × ('n positiewe getal) = 'n positiewe getal.

('n Positiewe getal) × ('n negatiewe getal) = 'n negatiewe getal.

('n Negatiewe getal) × ('n negatiewe getal) = 'n positiewe getal.

a. $\frac{8}{9} \times -\frac{3}{4} =$

b. $-3\frac{3}{8} \times \frac{1}{2} =$

c. $-\frac{1}{4} \times -1\frac{1}{4} =$

Probleemoplossing

'n Trein met nege passasierswaens is onderweg, en elke passasierswa het sitplek vir 30. As hierdie passasierswaens vervang sou word deur waens wat die helfte meer sitplekke het, hoeveel waens het die trein dan nodig om dieselfde aantal passasiers te vervoer?

Teken:

Datum:

14 Deling van breuke

Hersiening: Wat beteken resiprook?

Getal	Resiprook
8	$\frac{1}{8}$

Vergelyk dit as jy $\frac{3}{4}$ en $\frac{1}{4}$ deel en vermenigvuldig.

Vermenigvuldig	Deel
$\frac{3}{4} \times \frac{1}{4}$ =	$\frac{3}{4} \div \frac{1}{4}$ =

Wat merk jy op?

1. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$\frac{7}{9} \div \frac{4}{12}$$
$$= \frac{7}{9} \times \frac{12}{4}$$
$$= \frac{28}{12}$$
$$= \frac{14}{6}$$
$$= 2\frac{2}{6}$$
$$= 2\frac{1}{3}$$

a. $\frac{8}{10} \div 3 =$

b. $\frac{2}{6} + \left(-\frac{8}{12}\right) =$

c. $\frac{1}{4} \div 1\frac{1}{12} =$

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$-\frac{1}{9} \div 3\frac{1}{10}$$
$$= -\frac{1}{9} \div \frac{31}{10}$$
$$= -\frac{1}{9} \times \frac{10}{31}$$
$$= -\frac{10}{279}$$

Is dit moontlik om hierdie uitdrukking te vereenvoudig?

$$-9\frac{1}{3} \div 8\frac{3}{4} =$$

a. $-3\frac{1}{16} \div 1\frac{1}{8} =$

b. $-7\frac{2}{5} \div 5\frac{1}{10} =$

c. $-9\frac{1}{3} \div \left(8\frac{3}{4}\right) =$

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$4\frac{1}{16} \div \frac{2}{4}$$
$$= \frac{65}{16} \times \frac{4}{2}$$
$$= \frac{65}{8}$$
$$= 8\frac{1}{8}$$

a. $2\frac{1}{4} \div 2 =$

b. $4\frac{3}{4} \div 2\frac{2}{3} =$

c. $\frac{7}{4} \div \frac{1}{4} =$

Probleemoplossing

Vra een van jou familielede of hulle weet hoe om breuke te deel. As hulle nie weet nie of nie kan onthou nie, wys dan vir hulle hoe om dit te doen.

Teken:

Datum:

15a Persentasies

Wat is 20 % van R140?

$20\ \% \times R140$

$= \frac{20}{100} \times R140$

$= \frac{20}{100} \times \frac{R140}{1}$

$= \frac{R2\ 800}{100}$

$= R28$

Wat beteken "van" in wiskunde?

Wat beteken 20%?

Hoe kan ek R140 as 'n breuk skryf?

Hoekom kan ek ook 0,2 × R140 = R28 sê?

1. Bereken die volgende:

a. Wat is 10 % van R1 000?

b. Wat is 20 % van R250?

c. Wat is 15 % van R600?

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: Watter persentasie is R1,40 van R10,00?

$$\frac{R1,40}{R10,00} \text{ van } 100\ \%$$

$$= \frac{R1,40}{10} \times \frac{100}{1}\ \%$$

$$= 14\ \%$$

Die woordjie "van" sê my dat dit 'n vermenigvuldigingsom is.

a. Watter persentasie is R10,00 van R200?

b. Watter persentasie is 20c van R1,95?

Teken:

Datum:

vervolg ☛

3. Bereken hierdie persentasiestygings. Rond jou antwoorde af tot die naaste honderdste.

Voorbeeld: Bereken die persentasiestyging in die prys van petrol as dit van R9,15 per liter tot R9,50 per liter verhoog word.

R9,50 – R9,15 = R0,35

$$\frac{0{,}35}{9{,}15} \times 100\ \%$$

$$= \frac{35}{915}\ \%$$

$$= 3{,}83\ \%$$

Voordat jy a. en b. beantwoord, verduidelik eers hierdie voorbeeld in jou eie woorde.

a. Bereken die persentasiestyging in die prys van 'n rekenaarspeletjie as dit van R450,00 tot R699,00 verhoog.

b. Bereken die persentasiestyging in die prys van melk as dit van R8,50 per liter tot R9,25 per liter styg.

4. Bereken hierdie persentasiedalings. Rond jou antwoorde af tot die naaste honderdste.

Voorbeeld: Bereken die persentasiedaling in die prys van koring as dit van R1 280 per ton tot R1 275 per ton daal.

R1 280 – R1 275 = R5

$$\frac{5}{1\,280} \times \frac{100}{1}\ \%$$

$$= \frac{500}{1\,280}\ \%$$

$$= 0{,}39\ \%$$

Voordat jy a. en b. beantwoord, verduidelik eers hierdie voorbeeld in jou eie woorde.

a. Bereken die persentasiedaling in die prys van 'n skootrekenaar as dit van R4 599 tot R4 299 daal.

b. Koffie word teen 'n spesiale prys in die supermark te koop aangebied. Die prys daal van R52,99 per blik tot R38,99 per blik. Wat was die persentasiedaling in die prys?

Probleemoplossing

Vind uit wat die jongste styging of daling in petrol is. Bereken die persentasiestyging of -daling. Hoekom dink jy styg of daal die prys van petrol gereeld?

Teken:

Datum:

16 Gewone breuke, desimale breuke en persentasies

Wat het jy nodig om die volgende getalle te vermenigvuldig sodat dit by 100 uitkom? Hoe vinnig kan jy dit doen?

2	4	5	8	10	20	25	70
× 50 = 100							

1. Skryf hierdie breuke as persentasies.

Voorbeeld 1:

$\frac{2}{5}$

$= \frac{2}{5} \times \frac{20}{20}$

$= \frac{40}{100}$

$= 0{,}4$

$= 40\%$

Ons kan 5 met 20 vermenigvuldig om 100 te kry, dus vermenigvuldig jy die bokant en die onderkant met 20.

Voorbeeld 2:

$\frac{6}{8}$

$= \frac{6}{8} \times \frac{125}{125}$

$= \frac{750}{1000}$

$= 0{,}75$

$= 75\ \%$

Ons kan 8 met 125 vermenigvuldig om 1 000 te kry, dus vermenigvuldig jy die bokant en die onderkant met 125. Hoekom het ons die noemer 1 000 gemaak?

Let wel: $= \frac{40}{100} = 0{,}4 = 40\ \%$



Let wel: $= \frac{75}{100} = 0{,}75 = 75\ \%$



a. $\frac{3}{4}$

b. $\frac{2}{3}$

c. $\frac{6}{7}$

d. $\frac{1}{2}$

e. $\frac{5}{7}$

f. $\frac{1}{8}$

Voorbeeld 3: Daar is nog 'n metode waarvolgens jy 'n breuk tot 'n persentasie kan herlei. Dit is veral nuttig as die noemer nie maklik met 'n getal vermenigvuldig kan word om 100 of 1 000 te kry nie.

$\boxed{\frac{5}{23}}$

$$\frac{5}{23} \times 100\,\%$$
$$= \frac{500}{23}\,\%$$
$$= 21{,}74\,\%$$

5	**0**	**0**	÷	**2**	**3**

Gebruik 'n sakrekenaar hiervoor.

g. $\frac{4}{8}$

h. $\frac{5}{25}$

i. $\frac{15}{15}$

j. $\frac{18}{20}$

k. $\frac{3}{9}$

l. $\frac{4}{36}$

2. Skryf die volgende as 'n persentasie en as 'n gewone breuk. (Hersiening)

a. 0,6

b. 0,25

c. 0,75

d. 0,1

e. 0,530

f. 0,36

3. Skryf die volgende as 'n persentasie en as 'n gewone breuk. (Hersiening)

a. 0,325

b. 0,205

c. 0,723

d. 0,825

e. 0,125

f. 0,065

Probleemoplossing

Skryf 35,4% as 'n gewone breuk en as 'n desimale breuk.

Teken:

Datum:

17 Optelling, aftrekking en afronding van desimale breuke

Hersien:

Rond 4,6 af tot die naaste ene. Rond dit af tot 5.



Wat is 4,4, afgerond tot die naaste ene?

Rond 2,73 af tot die naaste tiende. Rond af tot 2,7.



Wat is 2,76, afgerond tot die naaste tiende?

Rond 8,469 af tot die naaste honderdste. Rond af tot 8,47.



Wat is 8,469 afgerond tot die naaste honderdste?

1. Rond af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld:
Rond af 5,9 tot die naaste ene: 6
Rond af 5,91 tot die naaste tiende: 5,9
Rond af 5,905 tot die naaste honderdste. 5,91

a. 0,75

Ene:
Tiende:
Honderdste:

b. 0,123

Ene:
Tiende:
Honderdste:

c. 0,825

Ene:
Tiende:
Honderdste:

d. 0,795

Ene:
Tiende:
Honderdste:

e. 0,952

Ene:
Tiende:
Honderdste:

f. 0,468

Ene:
Tiende:
Honderdste:

2. Bereken die volgende deur uitgebreide notasie en dan die kolom-metode te gebruik. Toets daarna jou antwoord. Rond jou antwoord af tot die naaste ene, tiende en honderdste.

Voorbeeld: Uitgebreide notasie:
3,765 + 2,143
= 3 + 2 + 0,7 + 0,1 + 0,06 + 0,04 + 0,005 + 0,003
= 5 + 0,8 + 0,1 + 0,008
= 5,908

Kolom-metode:	**Toets jou antwoord:**	3,765 afgerond tot die naaste:
3,765	5,908	Ene:4
+ 2,143	– 2,143	Tiende: 3,8
5,908	3,765	Honderdste: 3,77

Gebruik jou eie papier indien nodig.

a. 2,354 + 7,265 =

6. Bereken die vierkantswortel en gebruik die voorbeeld om positiewe en negatiewe getalle te toon.

Voorbeeld: $\sqrt{25}$
$\sqrt{5.5}$ of $\sqrt{-5.-5}$
$= 5$ of -5

Hoekom is $\sqrt{25} = \sqrt{5.5}$ of $\sqrt{-5, -5}$?

$5 \times 5 = 25$
en
$-5 \times -5 = 25$

a. $\sqrt{36}$

b. $\sqrt{16}$

7. Los vir x op.

Voorbeeld:

$x^2 - 25 = 0$
$x^2 = 25$
$x^2 = 5^2$
$\sqrt{x^2} = \sqrt{5^2}$
$x = \pm 5$
$x = +5$ *of* $x = -5$

Toets:
$x^2 - 25 = 0$
$(5)^2 - 25 = 0$
$25 - 25 = 0$
$0 = 0$

$(5)^2 - 25 = 0$
$25 - 25 = 0$
$0 = 0$

a. $x^2 - 49 =$

b. $x^2 - 36 =$

Probleemoplossing

Ontwikkel 'n som waar die produk van faktore gelyk is aan nul, en los dit dan op.

Tekere

Datum:

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

39 Konstrueer hoeke en poligone deur 'n gradeboog te gebruik

Hersien die volgende:

Stap 1: Trek 'n lynsegment. Merk dit AB.

Stap 2: Sit die gradeboog so neer dat die oorsprong (klein gaatjie) oor punt A is. Roteer die gradeboog sodat die basislyn presies langs lyn AB is.



Stap 3: Gebruik (in hierdie geval) die binneskaal en bepaal die gewenste hoek – hier 45°.



Stap 4: Maak 'n merkie by hierdie hoek en verwyder die gradeboog.



Stap 5: Gebruik 'n liniaal om 'n lyn A te trek na die merkie wat jy pas gemaak het. Merk hierdie punt C.



Stap 6: Die lyn wat getrek is, vorm 'n hoek BAC met 'n meting van 45°.



1. **Konstrueer die volgende as 'n hersieningsaktiwiteit deur 'n gradeboog te A. Benoem die hoeke. Doen dit op 'n aparte vel papier of in 'n oefeningboek.**

   a. Stomphoek b. Skerphoek c. Inspringende hoek

   d. Reguit hoek e. Regte hoek f. Omwenteling

2. **Noem al die belangrikste vorms van veelhoeke en driehoeke. Benoem die hoeke daarvan.**

a. Veelhoek

b. Driehoeke

3. **Trek die volgende hoeke en poligone. Benoem dit.**

a. 'n 60°-hoek.

b. 'n 270°-hoek.

c. 'n Driehoek met een 45°-hoek en een 65°-hoek.

d. 'n Driehoek met 'n 80°- en 35°-hoek.

e. 'n Vierhoek met een 70°-hoek en een 121°-hoek.

f. 'n Vierhoek met twee 85°-hoeke.

Probleemoplossing

Konstrueer die bo-aansig van 'n uiters moderne huis deur 'n gradeboog te gebruik.

Tekens

Datum:

40a Gebruik 'n passer

Hersiening:

Om 'n sirkel akkuraat te trek, gebruik 'n passer. 	Stel die potloodpunt gelyk met die passerpunt. 	Skroef die potlood ook styf vas sodat dit nie uitglip nie. 
Maak seker dat die skarnier bo-op die passer vasgeskroef is sodat die passer nie gly nie. 	Stel die passer op die radius van die sirkel. Die radius is die afstand tussen die middelpunt en die omtrek; dit is die helfte van die middellyn. 	Druk die passerpunt vas en draai die knop aan die bokant van die passer om 'n sirkel te trek. 

1. Trek 'n sirkel. Gee 'n alledaagse voorbeeld van 'n sirkel van hierdie grootte.

a. met 'n radius van 1,8 cm.	b. met 'n middellyn van 3,2 cm.	c. met 'n radius van 16 mm.
Voorbeeld uit die alledaagse lewe:	Voorbeeld uit die alledaagse lewe:	Voorbeeld uit die alledaagse lewe:

2. Hersiening: Konstrueer loodregte lyne van albei kante af.

Stap 1

Trek 'n lyn en merk A en B daarop. Plaas die passerpunt op A en maak die passer oop sodat die potlood aan B raak. (Jy het dus die lengte van AB met die passer "gemeet".)



Stap 2

Los die passer se punt op A en maak met die passer 'n boog ongeveer twee derdes van die lyn se lengte.



Stap 3

Met die passer se breedte dieselfde, beweeg die passer punt na B en trek nog 'n boog wat die eerste boog by twee punte kruis. Benoem hierdie punte C en D.



Stap 4

Trek 'n lyn deur punte C en D wat die lyn AB by E halveer.



vervolg ☛

Tekene

Datum:

Gebruik 'n passer vervolg

Trek lyne wat loodreg is aan hierdie deur 'n gradeboog te gebruik.



3. Hersiening: Konstrueer 'n 45°-hoek op 'n aparte vel papier.

Stap 1

Volg die stappe om 'n loodregte lyn te trek.



Stap 2

Los die passerpunt op C en trek 'n boog met die passer wat ongeveer halfpad tussen C en B is. Plaas dit op B en trek 'n boog wat die eerste een kruis.



Stap 3

Merk dit as E en trek die lyn van D na E, wat twee 45°-hoeke vorm.



4. Gebruik jou kennis van hoe om 'n 45°-hoek te konstrueer om jou te help om hierdie hoeke te vorm.

a. 22,5° -hoek	b. 11,25° -hoek
c. 135° -hoek	d. 112,5° -hoek

Probleemoplossing

Wys in vier stappe hoe jy 'n 225°-hoek sal trek.

Tekere

Datum:

41a Konstruksie van driehoeke

Wie konstrueer driehoeke in hul alledaagse lewe? Gebruik van die riglyne hierna.

'n Driehoek is 'n baie sterk struktuur. Die driehoek word in strukturele ontwerpe gebruik om gewig te versterk en te ondersteun.

Die regte driehoek is een van die belangrikste meetkundige figure en word al duisende jare lank in talle toepassings gebruik.

1. Konstrueer ΔABC, waarin AB = 5 cm, AC = 3,5 cm en BC = 4 cm. Volg die stappe.

Hoe om 'n driehoek te konstrueer as drie sye gegee word (SSS).

Stap 1: Trek AB = 5 cm.	**Stap 2:** Trek 'n boog, met A as middelpunt en radius 3,5 cm.
Stap 3: Trek nog 'n boog, met B as middelpunt en radius 4 cm, wat die boog van C sny.	**Stap 4:** Verbind AC en BC.



Oefen:

2. Konstrueer ΔCDE, waarin CD = 2,5 cm, DE = 4,2 cm en CE = 3,6 cm.

3. Konstrueer 'n driehoek ABC, waarin AB = 5,5cm, BC = 4,5cm en ∠ABC = 60°.

Hoe om 'n driehoek te konstrueer as twee sye en die ingeslote hoek gegee word (SHS).

Stap 1: Trek AB = 5,5 cm.	**Stap 2:** Konstrueer 'n hoek ABX = 60° by B.
Stap 3: Trek 'n boog, met B as middelpunt en radius 4,5 cm, wat BC by C sny.	**Stap 4:** Verbind AC. ΔABC is dan die verlangde driehoek.



Oefen:

Tekere

Datum:

vervolg ☛

Konstruksie van driehoeke vervolg

4. Konstrueer 'n driehoek DEF, waarin DE = 3,7 cm, EF = 41 mm en ∠DEF = 55°.

5. Konstrueer 'n ΔABC, waarin ∠A = 60°, ∠B = 45° en AB = 4,5 cm.

Hoe om 'n driehoek te konstrueer as twee hoeke en die ingeslote sy gegee word (HSH).

Stap 1: Trek AB = 4,5 cm.	**Stap 2:** Konstrueer ∠BAX = 60° by A.
Stap 3: Konstrueer ∠ABY = 45° by B, met BY wat AX by C kruis.	ΔABC is dan die verlangde driehoek



Oefen:

6. Konstrueer 'n ΔKLM, waarin ∠K = 48°, ∠L = 48° en sy KL = 3,9 cm.

7. Konstrueer 'n regte driehoek ABC wat reghoekig by B is, met sy BC = 4 cm en skuinssy AC = 6 cm.

Hoe om 'n regte driehoek te konstrueer as die skuinssy en 'n sy daarvan gegee word.

Stap 1: Trek BC = 4 cm.	**Stap 2:** Konstrueer ∠CBP = 90° by B.
Stap 3: Trek 'n boog, met C as middelpunt en radius 6 cm, wat BP by A sny.	**Stap 4:** Verbind AC.



Oefen:

8. Konstrueer 'n regte driehoek XYZ, wat reghoekig is by Y, met sy YZ = 5 cm en skuinssy XZ = 7 cm.

Probleemoplossing

Konstrueer 'n gelykbenige driehoek.

Tekene

Datum:

42a Konstruering van vierhoeke (tetragone)

Hoe het die ontwerpers van hierdie kamers vierhoeke gebruik?



1. Konstrueer 'n reghoek ABCD waar AB = 4 cm en AC = 5 cm.

Hoe om 'n reghoek te konstrueer as een van sy diagonale en 'n sy gegee word.

Stap 1: Trek AB = 4 cm.	**Stap 2:** Trek ∠ABQ = 90° by B.
Stap 3: Trek 'n boog, met A as middelpunt en radius 5 cm, wat BQ by C sny.	**Stap 4:** Trek 'n boog, met C as middelpunt en radius 4 cm.
Stap 5: Trek 'n boog, met A as middelpunt en radius = BC, wat die boog, wat in stap 4 getrek is, by D sny.	**Stap 6:** Verbind DC en AD.

Onthou dat in 'n vierhoek elke hoek 90° is.



Oefen:

2. Konstrueer 'n reghoek KLMN, waarin KL = 3,6 cm en KM = 4,5 cm.

3. Konstrueer 'n vierkant ABCD waarin AB = 4,5 cm.

Hoe om 'n vierkant te konstrueer as die sy daarvan gegee word.

Stap 1: Trek AB = 4,5 cm.	**Stap 2:** Konstrueer ∠ABQ = 90° by B.
Stap 3: Sny BC = 4,5 cm van BQ af.	**Stap 4:** Trek twee boë met radiusse van 4,5 cm elk vanaf A en C om mekaar by D te sny.
Stap 5: Verbind AD en CD.	



Oefen:

Tekene:

Datum:

vervolg ☛

Konstruering van vierhoeke vervolg

4. **Konstrueer 'n vierkant GHIJ, waarin GH = 32 mm.**

5. **Konstrueer 'n parallelogram waarvan die aangrensende sye 5 cm en 3 cm en die ingeslote hoek 60° is.**

Hoe om 'n parallelogram te konstrueer as twee aangrensende sye en die ingeslote hoek gegee word.

Stap 1: Trek AB = 5 cm.	**Stap 2:** Konstrueer ∠ BAQ = 60° by A.
Stap 3: Sny AD = 4 cm van AQ af.	**Stap 4:** Trek twee boë, met B en D as middelpunte en radiusse gelyk aan onderskeidelik 4 cm en 5 cm, wat mekaar by C sny.
Stap 5: Verbind CD en BC.	



Oefen:

6. **Konstrueer 'n parallelogram waarvan die aangrensende sye 6 cm en 3 cm en die ingeslote hoek 60° is.**

7. **Konstrueer 'n rombus as een diagonal 5 cm en die sy 3 cm is.**

Hoe om 'n rombus te konstrueer as een diagonal en sy gegee word.

Stap 1: Trek AC = 5 cm	**Stap 2:** Met A as middelpunt en radius 3cm, trek twee boë – een bo AC en een onder AC.
Stap 3: Met C as middelpunt en radius 3 cm, trek twee boë – die een bo AC en die ander een onder AC waar die boë van stap 2 mekaar sny in B en D onderskeidelik.	**Stap 4:** Verbind AB, BC, CD en AD



Oefen:

8. **Konstrueer 'n rombus as een van sy diagonal 4 cm en die sy 3 cm is.**

Tekene:

Datum:

Reëlmatige en onreëlmatige poligone

Trek drie voorbeelde elk van reëlmatige en onreëlmatige poligone. Onthou om jou poligone te benoem.

As al die hoeke gelyk is en al die sye gelyk is, dan is dit 'n **reëlmatige** poligoon.

As die hoeke en die sye nie gelyk is nie, dan is dit 'n **onreëlmatige** poligoon.

Die grootte van die binnehoeke van reëlmatige veelhoeke is gegee. Met onreëlmatige veelhoeke kan jy voorbeelde gee.

1. Voltooi die tabel:

Poligoon	Totale aantal sye	Hoekgroottes	Totaal:
Reëlmatige driehoek	3	60° + 60° + 60°	180°
Onreëlmatige driehoek			
Reëlmatige vierhoek			
Onreëlmatige vierhoek			
Reëlmatige vyfhoek			
Onreëlmatige vyfhoek			
Reëlmatige seshoek			
Onreëlmatige seshoek			
Reëlmatige sewehoek			
Onreëlmatige agthoek			
Reëlmatige negehoek			
Onreëlmatige negehoek			
Reëlmatige tienhoek			
Onreëlmatige tienhoek			

2. Wat is dit dié? Watter poligoon (poligone) kan jy identifiseer? Beskryf die poligone.

3. Kyk na die kameelperd. Identifiseer al die reëlmatige en onreëlmatige poligone daarop. Beskryf dit.



4. Watter tipe kuns is dit dié? Identifiseer al die meetkundige figure. Beskryf elkeen.

Probleemoplossing

Konstrueer 'n onreëlmatige sestienhoek (heksadekagoon). Meet al die hoeke.

Tekene

Datum:

Konstrueer 'n seshoek

Hoe om 'n seshoek te konstrueer.

Stap 1: Trek 'n sirkel. Hou die passer op dieselfde radius.	**Stap 2:** Gebruik 'n passer en maak merkies, wat ewe ver van mekaar is, op die omtrek.	**Stap 3:** Benoem die punte en verbind dit dan.
		

Identifiseer die seshoeke en verduidelik hoe dit gebruik word.

1. Konstrueer 'n seshoek en benoem die hoekpunte A tot F.

a. Is dit 'n reëlmatige of onreëlmatige seshoek? Hoekom?

b. Wat is die lengte van die sye? Hoe sal jy dit met behulp van 'n passer meet?

c. Wat is die groottes van die hoeke? Hoe sal jy dit (i) sonder 'n gradeboog en (ii) met 'n gradeboog bepaal?

d. Wat is die afstand vanaf AD, FC, of BE? Wat is hierdie van die sirkel?

e. Wat is die verhouding tussen AD en AB?

2. Konstrueer 'n reëlmatige seshoek, waar die sye 3,2 cm is.

Probleemoplossing

Konstrueer 'n twaalfhoek deur middel van 'n soortgelyke metode as wat in hierdie werkblad gebruik word.

Tekere

Datum:

Konstruksie van 'n vyfhoek

Stap 1: Trek 'n sirkel met radius AB om A. 	**Stap 2:** Trek 'n sirkel met radius AB om B. Noem die snypunt C en D. 	**Stap 3:** Trek 'n sirkel met radius DA om D. Sirkel D sny lyn CD by E. 
Stap 4: Sirkel D sny sirkel A by F en sny sirkel B by G. 	**Stap 5:** Trek 'n lyn deur FE en 'n lyn deur GE. Lyn FE sny sirkel B by H. Lyn GE sny sirkel A by I. 	**Stap 6:** Stel jou passer om so lank soos AI te wees. Plaas die passerpunt op I en trek 'n klein bogie bo C. Plaas dan jou passerpunt op H en trek 'n boog wat die eerste boog kruis. Benoem die snypunt J. 
Stap 7: Al die punte A, B, I, H, J en I is punte van die vyfhoek. Verbind hulle.	Waar kan jy moontlik hierdie vyfhoekige kasteel aantref? 	

1. Konstrueer 'n vyfhoek en benoem die hoekpunte daarvan A, B, H, J en I.

2. Beantwoord die volgende:

a. Voltooi die volgende: JH = _____ = _____ = _____ = _____

b. Is die vyfhoek reëlmatig of onreëlmatig? Hoekom?

c. Beskryf AB, DA en DB.

3. Trek 'n reëlmatige vyfhoek met sye wat gelyk is aan 2,3 cm.

Probleemoplossing

Skryf stap vir stap neer hoe jy 'n vyfhoek sal konstrueer deur 'n gradeboog te gebruik.

Tekens:

Datum:

Konstruksie van 'n agthoek

Stap 1: Teken 'n sirkel met middelpunt O en middellyn AOB.



Stap 2: Teken nog 'n middellyn COD, loodreg aan AOB.



Stap 3: Halveer die regte hoek AOC en die regte hoek BOD.



Stap 4: Halveer die regte hoek COB en AOD.



Stap 5: Verbind al die kruispunte op die omtrek van die sirkel met reguit lyne om die agthoek (oktagoon) te vorm.



Hoe word agthoeke gebruik?



1. Konstrueer nou self 'n agthoek.

2. Voltooi die volgende:

a. OA = _____ = _____ = _____ = _____ = _____ = _____ = _____

b. Wat is hierdie van die sirkel?

c. AE = _____ = _____ = _____ = _____ = _____ = _____ = _____

d. Wat is hierdie van die sirkel?

3. Trek 'n reëlmatige agthoek met gelyke radiusse van 2,8 cm.

Probleemoplossing

Skryf stap vir stap neer hoe jy 'n agthoek sal konstrueer deur 'n gradeboog te gebruik.

Tekens

Datum:

Binnehoeke van 'n driehoek

Hersien: Daar is spesiale name vir driehoeke in ooreenstemming met:

Sye

Gelyksydige	Gelykbenige	Ongelykbenige
		

Hoeke

Skerphoek: Alle hoeke is minder as 90°.
Regte hoek: Dit het 'n regte hoek (90°).
Stomphoek: Dit het 'n hoek van meer as 90°.

1. Lees die volgende en benoem die driehoek.

Bewys dat: : $\angle A + \angle B + \angle C = 180°$

Konstruksie: Trek 'n lyn DAE deur A wat parallel aan BC is.

Die som van die drie hoeke van 'n driehoek is 180°.

Bewys: Aangesien DE parallel aan BC is en AB 'n snylyn is

$\therefore \angle B = \angle DAB$ (paar verwisselende hoeke)

Versoek jou onderwyser om verwisselende snylyne saam met jou te bereken.

Net so $\angle C = \angle EAC$ (paar verwisselende hoeke)

$\therefore \angle B + \angle C = \angle DAB + \angle EAC$ (twee pare verwisselende hoeke)

Nou $\angle A + \angle DAB + \angle EAC = 180°$ (reguitlyn)

en omdat $\angle DAB + \angle EAC = \angle B + \angle C$

$\therefore \angle A + \angle B + \angle C = 180°$



2. Die som van die drie hoeke van 'n driehoek is 180°.



3. Bereken en konstrueer hierdie driehoeke. Klassifiseer elke driehoek.

Let op dat jou antwoorde en konstruksies kan verskil van dié van jou klasmaats.

a. $\angle A + \angle B + 90° = 180°$

b. $\angle A + 45° + \angle C = 180°$

c. $100° + \angle B + \angle C = 180°$

d. $\angle A + 65° + \angle C = 180°$

e. $\angle A + 60° + \angle C = 180°$

f. $120° + \angle B + \angle C = 180°$

Probleemoplossing

As een hoek van 'n driehoek gelyk is aan 45°, wat kan die grootte van die ander hoeke wees? Gee vyf verskillende moontlikhede.

Tekene

Datum:

Driehoeke

Simbole in meetkunde. Identifiseer simbole wat ons gebruik wanneer ons met driehoeke werk. Gee 'n rede vir elke simbool.

Driehoek	Hoek	Loodregte	Parallelle	Grade	Regte hoek
$\triangle$	$\angle$	$\perp$	$\parallel$	^{o}	$\llcorner$
Lynsegment	**Lyn**	**Halfstraal**	**Kongruente**	**Gelyksoortige**	**Dus**
$\overline{AB}$	$\overleftrightarrow{AB}$	$\overrightarrow{AB}$	$\cong$	$\sim$	$\because$

1. Meet die sye van die driehoeke. Benoem die driehoeke en beskryf dit dan.

a.



b.



Dink aan woorde soos tipes driehoeke, kongruent, transformasies, en dies meer.

2. Wat beteken hierdie simbole?

ΔABC

$\overline{AB} = \overline{AC}$

$\angle ABC = \angle ACB$

3. Teken 'n gelykbenige driehoek en dui aan hoe jy dit na 'n gelyksydige driehoek sal verander. Etiketteer jou tekeninge met die toepaslike geometriese simbole.`

4. Wat beteken hierdie simbole?

ΔABC

$\overline{AB} \neq \overline{AC} \neq \overline{BC}$

$\angle ABC \neq \angle ACB \neq \angle BAC$

5. Skryf die simbole neer wat toon wat gebeur het wanneer jy 'n ongelyksydige driehoek na 'n gewone driehoek verander.

6. a. Konstrueer en benoem 'n reghoekige driehoek.

b. Verander die onreëlmatige driehoek in 6.a. in 'n reëlmatige driehoek.

7. Kyk na die diagram en voltooi dan die vrae.



a. Wat is dit dié?_____

vervolg ☛

Tekene

Datum:

b. Waar sal jy 'n voorbeeld van hierdie vorm in die natuur vind?_____

c. Watter tipe driehoeke is dit?_____

d. Is die driehoeke reëlmatig of onreëlmatig?_____

e. Kan ek hierdie driehoeke in kleiner driehoeke verdeel?_____

f. Watter tipe driehoeke sal dit vorm?_____

8. Kyk na die patrone in hierdie brandskilderglasvenster.



Sien jy enige driehoeke raak? Sien jy enige onreëlmatige meetkundige vorms?

9. Kies die regte antwoord en maak 'n merkie (√) langs die antwoord:

a. Watter van die volgende kan die hoeke van 'n driehoek wees?
   i. 65°, 45° en 80°
   ii. 90°, 30° en 61°
   iii. 60°, 60° en 59°
   iv. 60°, 60° en 60°

b. Die skuinssy van 'n driehoek is:
   i. Die sy wat teenoor die regte hoek in 'n reghoekige driehoek staan.
   ii. Die sy langs die regte hoek in 'n reghoekige driehoek.
   iii. Die hoek van 'n reghoekige driehoek.
   iv. Al drie sye van 'n reghoekige driehoek.

c. 'n Gelyksydige driehoek:
   i. Twee sye is gelyk.
   ii. Al die sye is gelyk, maar nie die hoeke nie.
   iii. Al die sye en die binnehoeke is gelyk.
   iv. Al die hoeke is gelyk, maar nie die sye nie.

d. 'n Gelykbenige driehoek:
   i. Al die sye is gelyk.
   ii. Minstens twee sye is gelyk en die basishoeke daarvan is gelyk.
   iii. Minstens twee sye is gelyk, maar geen hoeke is gelyk nie.
   iv. Twee hoeke is gelyk, maar geen sye is gelyk nie.

e. 'n Reghoekige driehoek:
   i. Geen hoeke is regte hoeke nie.
   ii. Al die hoeke is 60°.
   iii. Twee hoeke is 90°.
   iv. Een hoek is 'n regte hoek.

f. 'n Reghoekige driehoek:
   i. Geen hoeke is regte hoeke nie.
   ii. Alle hoeke is 60°.
   iii. Twee hoeke is 90°.
   iv. Een hoek is 'n regte hoek.

Probleemoplossing

Maak jou eie brandskilderglaspatroon. Jy moet soveel onreëlmatige driehoeke moontlik gebruik.

Tekens

Datum:

Poligone

Praat oor hierdie vloeidiagram.

- Driekhoeke
  - Reëlmatig: Gelyksydige driehoek
  - Onreëlmatig:
    - Ongelykbenige driehoek
    - Gelykbenige driehoek
- Tetragone (vierhoeke)
  - Reëlmatig:
    - Vierkant
    - Rombus (ruit)
  - Onreëlmatig:
    - Reghoek
    - Parallelogram
    - Trapesium

1. Gebruik die simbole en kleure om die vrae te beantwoord. Plak of teken prente van alledaagse voorbeelde langs elkeen of op 'n aparte stukkie papier.


Tetragoon

a. Wat is 'n tetragoon?

b. Beskryf 'n trapesium.


Trapesium

Dit word 'n trapesoïed in die Verenigde State van Amerika genoem.


Parallelogram

c. Beskryf 'n reghoek.


Reghoek

d. Beskryf 'n vierkant.


Vierkant

e. Beskryf 'n rombus.


Rombus (ruit)

g. Beskryf 'n parallelogram.


Vlieër

f. Beskryf 'n vlieër.

2. Konstrueer 'n vlieër, benoem dit en verdeel dit in twee driehoeke. Is hierdie driehoeke reëlmatig of onreëlmatig?

3. Verdeel 'n trapesium in onreëlmatige driehoeke. Benoem dit.

4. Identifiseer die reëlmatige en onreëlmatige poligone in hierdie mosaïek en benoem dit dan.

Probleemoplossing

Ontwerp 'n mosaïekpatroon (jy kan ou stukkies papier gebruik) deur verskillende tipes poligone te gebruik.

Tekene

Datum:

50a Nog poligone

Wat is 'n tangram?

Die **tangram** is 'n disseksielegkaart wat bestaan uit sewe plat vorms, wat stukke genoem word en wat saamgepak word om vorms te skep. Die doel van die legkaart is om 'n spesifieke vorm te skep deur al sewe stukke, wat mekaar nie mag oorvleuel nie, te gebruik. Dit is oorspronklik in China uitgevind.



1. Maak meetkundige vorms deur al die stukke van die tangram (Knipselblad 1) te gebruik. Maak 'n skets daarvan binne-in die antwoordraam en sê of dit 'n reëlmatige of onreëlmatige vorm is. Benoem die vorms van die onderdele daarvan. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

a. Maak 'n groot vierkant.



Reëlmatige vorm

b. Maak 'n reghoek.

c. Maak 'n parallelogram.

d. Maak 'n trapesium.

e. Maak enige ander tetragoon.

2. Voltooi die tabel:



Meetkundige figuur	Watter breuk van die vierkant is dit?	Benoem die vorm.	Is die vorm reëlmatig of onreëlmatig?
a. AOD			
b. ADB			
c. OGFI			

Tekere

Datum:

vervolg

Nog poligone vervolg

3. Kyk na die vorms hieronder. Wat is die verskille en ooreenkomste tussen die poligone?



Vierkant



Pentagoon



Driehoek



Trapesium



Parallelogram



Oktagoon



Vlieër



Heksagoon



Reghoek

4. Is die volgende vorms veelhoeke? Indien wel, is hulle reëlmatig of onreëlmatig? Gee redes vir jou antwoord.

i


ii.


iii.


iv.

v.


vi.


Probleemoplossing

Maak enige ander poligoon deur al sewe tangramstukke te gebruik. Trek die poligoon en beskryf dit.

Tekere

Datum:

51a Gelyksoortige driehoeke

Wat is gelyksoortigheid?
Gelyksoortige driehoeke het die volgende eienskappe:

- Elke ooreenstemmende paar hoeke is gelyk.
- Die verhouding van enige paar ooreenstemmende sye is dieselfde.
- Dit het dieselfde vorm maar nie dieselfde grootte nie.

Simbool vir gelyksoortigheid:
Hierdie driehoeke is gelyksoortig:



Ons kan sien of twee driehoeke gelyksoortig is sonder om al die sye en al die hoeke van die twee driehoeke te toets.

Daar is twee reëls waarvolgens gelyksoortige driehoeke uitgeken kan word. Dit word die **HH-reël** en die **VHV-reël** genoem.

Solank as wat een van die reëls geld, is dit voldoende om te bewys dat die twee driehoeke gelyksoortig is.

1. Gegewe die volgende driehoeke, vind die lengte van sy a.

HH-reël
As twee hoeke van een driehoek gelyk is aan twee hoeke van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke gelyksoortig.

a.





Oplossing:

Stap 1: Die driehoeke is gelyksoortig vanweë die _____-reël.

Stap 2: Die verhoudings van die lengtes is gelyk. $\frac{6}{2} = \frac{9}{a}$

'n Verhouding toon die relatiewe groottes van twee of meer waardes. Voorbeeld: 2:3

Stap 3: Maak gebruik van kruisvermenigvuldiging om te vereenvoudig.

Hier is 'n voorbeeld van kruisvermenigvuldiging:
$\frac{2}{3} = \frac{4}{x}$
$2x = 12$
$x = 6$

VHV-reël
As die hoek van een driehoek dieselfde is as die hoek van 'n ander driehoek en die sye wat hierdie hoeke bevat, in dieselfde verhouding is, dan is die driehoeke gelyksoortig.

b.



Oplossing:

Stap 1: Die driehoeke is gelyksoortig vanweë die _____-reël.

Stap 2: Die verhoudings van die lengtes is gelyk.

Stap 3: Die lengte van a is:

Tekere
Datum:

vervolg

Gelyksoortige driehoeke vervolg

2. Bepaal die lengte van sy a. Dui die reël aan wat jy gebruik.

a.



b.



c.



d.



3. Is dit gelyksoortige figure? Verduidelik jou antwoord.



Probleemoplossing

Soek na twee figure in jou alledaagse lewe wat gelyksoortig is. Konstrueer dit.

Tekene

Datum:

Kongruente driehoeke

Kongruente driehoeke is driehoeke wat dieselfde grootte en vorm het. Dit beteken dat die ooreenstemmende sye gelyk is en dat die ooreenstemmende hoeke gelyk is.



- Die ooreenstemmende sye is: AB en DE, AC en DF, en BC en EF.
- Die ooreenstemmende hoeke is: x en r, y en s, en z en t.
- Daar is vyf reëls om kongruente driehoeke te identifiseer.
- Hierdie is die reëls: **SSS**, **SHS**, **HSH**, **HHS** en **RSS.**

1. Bespreek hierdie reëls en trek voorbeelde daarvan:

SSS-reël (Sy – Sy – Sy)
As drie sye van een driehoek gelyk is aan drie sye van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.



a. Trek kongruente driehoeke deur die SSS-reël te gebruik. Dui die lengte van die sye van die driehoeke aan.

SHS-reël (Sy – Hoek – Sy)
As twee sye en die ingeslote hoek van een driehoek gelyk is aan twee sye en die ingeslote hoek van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.



b. Trek kongruente driehoeke deur die SHS-reël te gebruik. Dui die lengte van die driehoeke se sye aan.

HSH-reël (Hoek – Sy – Hoek)
As twee hoeke en die ingeslote sy van een driehoek gelyk is aan twee hoeke en die ingeslote sy van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.



c. Trek kongruente driehoeke deur die HSH-reël te gebruik. Dui die lengte van die sye van die driehoeke aan. Trek kongruente driehoeke met behulp van die HSH reël. Toon die lengte van die sye van die driehoeke.

HHS-reël (Hoek – Hoek – Sy)
As twee hoeke en 'n nie-ingeslote sy van een driehoek gelyk is aan ooreenstemmende twee hoeke en 'n nie-ingeslote sy van 'n ander driehoek, dan is die driehoeke kongruent.



d. Trek kongruente driehoeke deur die HHS-reël te gebruik. Dui die lengte van die sye van die driehoeke aan.

Tekene:

Datum:

vervolg ☛

Kongruente driehoeke vervolg

RSS-reël (Regte hoek – Skuinssy – Sy)
As die skuinssy in 'n reghoekige driehoek en een ander sy gelyk is aan die skuinssy en ooreenstemmende sy in 'n ander driehoek, dan is beide driehoeke kongruent.



e. Trek kongruente driehoeke deur die RSS-reël te gebruik. Dui die lengte van die skuinssy aan as die twee ander sye 3 cm en 4 cm lank is.

2. Watter van die volgende voorwaardes sou vir die driehoeke hieronder voldoende wees om kongruent te wees? Gee 'n verduideliking vir elkeen.



a. a=d, x=r, b=e

b. a=d, y=s, z=t

c. c=f, y=t, b=e

d. a=e, y=t, z=s

3. Dui aan of die volgende pare driehoeke kongruent is.
As dit is, gee 'n rede vir jou antwoord deur die SSS-, HSH-, SHS-, SHH- of RSS-reëls te gebruik.

a.



b.



c.



Probleemoplossing

Soek na enige kongruente vorms in die natuur en maak 'n skets daarvan.

Tekene

Datum:

53 Lyne en hoeke

Beskou hierdie prente en identifiseer al die lyne en hoeke.

Watter impak het perspektief op die 2de en die 3de prent?

Woorde wat jou kan help:

- Lyn
- Lynsegment
- Halflyn (straal)
- Loodregte lyne
- Parallelle lyne
- Hoek
- Skerphoek
- Regte hoek
- Stomphoek
- Reguitlyn
- Inspringende hoek

1. Benoem hierdie simbole wat jy gebruik as jy met hoeke en lyne werk.

_____ △	_____ ∠	_____ ⊥	_____ ∥	_____ °	_____ ∟
_____ $\overline{AB}$	_____ $\overleftrightarrow{AB}$	_____ $\overrightarrow{AB}$	_____ ≅	_____ ~	_____ ∴

a. Sê hoekom jy hierdie sal gebruik:

b. Sê hoekom jy hierdie nie sal gebruik nie:

2. Wat het ons gehelp om hierdie lyn te trek?



Trek die volgende lyne.

Gee die koördinate vir enige ander punt op hierdie lyn.

a. (1,1) en (3,3)

b. (2,7) en (5,5)

c. (6,5) en (7,6)

d. (4,1) en (7,3)

e. (1,4) en (3,4)

3. Gebruik die grafiek om die vrae te beantwoord.



a. Hoekom is lyn x = 4 'n vertikale lyn?

b. Wys dit op die grafiek.

c. Hoekom is lyn y = 3 'n horisontale lyn?

d. Wys dit op die grafiek.

e. Waar sal hierdie twee lyne loodreg teenoor mekaar wees?

f. Trek 'n lyn wat parallel is aan die lyn in a. (x = 4) en trek dan 'n lyn wat parallel is aan die lyn in c. (y = 3). Beskryf dit.

4. Wat is 'n ander naam vir 'n 180°-hoek?

5. Gee 'n beskrywing van elkeen van die volgende woorde: skerp, stomp, regte en inspringende. Waar kan ons hierdie hoeke in ons alledaagse lewe aantref? Watter een word die algemeenste gebruik?

Probleemoplossing

Wees kreatief en skryf 'n paragraaf oor hoe die wêreld sonder lyne en hoeke daar sou uitsien.

Tekens

Datum:

Komplementêre en supplementêre hoeke



1. Trek die volgende hoeke en sê of dit komplementêre of supplementêre hoeke is. Bepaal die grootte van die hoek van 'n onbekende grootte.

a. $\angle 1 + 30° = 90°$ b. $48° + \angle 2 = 180°$ c. $\angle 1 + \angle 2 = 90°$

d. $\angle 1 + 100° = 180°$ e. $36° + \angle 2 = 90°$ f. $\angle 1 + \angle 2 = 180°$

2. Kyk na hierdie prent van dwarsbalke. Identifiseer en benoem die komplementêre en supplementêre hoeke.

3. Trek vyf verskillende pare van komplementêre hoeke en benoem dit.

4. Trek vyf verskillende pare van supplementêre hoeke en benoem dit.

5. Soek na enige komplementêre en supplementêre hoeke in jou alledaagse omgewing. Trek hierdie hoeke en benoem dit.

Probleemoplossing

Kan twee stomphoeke komplementêr wees? Kan dit supplementêr wees? Verduidelik.

Tekere

Datum:

55a Snylyne

Snylyne is reguitlyne wat oor ander (gewoonlik parallelle) reguitlyne sny. Hoekom is baie hoeke dieselfde in hierdie skets van 'n snylyn wat twee parallelle lyne kruis?



Hierdie hoeke kan in pare hoeke verander word wat dieselfde name het.



Parallelle lyne

Snylyn

Vertikaal teenoorstaande hoeke:
a = d; b = c; e = h; f = g

Ooreenstemmende hoeke:
a = e; b = f; c = g; d = h

Verwisselende binne-hoeke
c = f; d = e

Verwisselende buite- hoeke
a = h; b = g

Opeenvolgende (of ko-) binnehoeke
c + e = 180°d + f = 180°

1. Meet elke hoek.



∠1 = ___ ∠2 = ___ ∠3 = ___

∠4 = ___ ∠5 = ___ ∠6 = ___

∠7 = ___ ∠8 = ___

∠1+ ∠2 = en word _____ hoeke genoem.

Dit is dieselfde vir _____

_____.

a. Bepaal al die vertikaal teenoorstaande hoeke. Skryf dit neer.

b. Bepaal al die ooreenstemmende hoeke. Skryf dit neer.

c. Bepaal al die verwisselende hoeke. Skryf dit neer.

d. Bepaal die ko-binnehoeke. Skryf dit neer.

e. Hoekom is hoeke 2 en 7 gelyk?

2. Identifiseer en merk die vertikaal teenoorstaande hoek.

a.

b.

c. 

d. 

3. Identifiseer en merk die ooreenstemmende hoek.

a. 

b. 

c. 

d. 

Tekene

Datum:

vervolg ☛

4. Identifiseer en merk die verwisselende hoek.

a.

b.

c.



d.



5. Identifiseer al die hoeke wat gelyk is aan die een wat gemerk is.

a.



b.

c.



d.



6. Hoe sou jy elke hoek uitwerk as hoek 1 gegee is?



Probleemoplossing

As ∠ 1 = 105°, wat kan die grootte van ∠ s 2s tot 8 dan wees?



Tekere

Datum:

Pare hoeke

Beskou hierdie foto en bespreek dit.

1. **Gebruik die kennis wat in vorige werkblaaie verwerf is om hoek BCD, CDB, DBC, ABD, BDE en BAE uit te werk. Jy kan die hoeke in enige volgorde van jou keuse uitwerk. Hoek BCD is 'n gelykhoekige driehoek. Hoek AED is 'n regte hoek.**

2. **Ontwikkel 'n soortgelyke "wipwaentjie"-probleem. Probeer om al die konsepte te gebruik wat jy tot dusver geleer het. Konstrueer en teken of plak jou prent hier.**

Konsepte wat gebruik kan word wanneer jy probleme ontwikkel:
- Parallelle lyne
- Snylyn
- Vertikaal teenoorstaande hoeke
- Ooreenstemmende hoeke
- Verwisselende buitehoeke
- Opeenvolgende binnehoeke

Probleemoplossing

Los die probleem in vraag 2, wat jyself ontwikkel het, saam met 'n familielid op.

Tekere

Datum:

57a Toepassing van meetkundige figure en lyne

Om hierdie werkblad te kan verstaan, moet jy die volgende konsepte ken. Hersien jou kennis daarvan deur 'n definisie vir elkeen te skryf.

Kongruensie	Translasie
'n Lyn	Rotasie
Om te stip	Refleksie

Jy moet hier terugdink aan wat jy in graad 8 gedoen het.

1. Voltooi die volgende:



a. Stip (2,5), (6,5), (2,9) en (6,9) op die rooster.

b. Verbind hierdie punte. Watter meetkundige figuur word so gevorm?

c. Benoem die hoekpunte A, B, C, D.

d. Trek 'n lyn EF van (1,10) na (7,4).

e. Waarin word jou meetkundige figuur nou gedeel?

f. Wat is die hoeke se groottes?

g. Is die twee figure kongruent aan mekaar en hoekom?

2. Voltooi die volgende:



a. Stip (1,9), (9,9) en (5,5). Verbind die punte. Verbind hulle en benoem die hoekpunte. Watter meetkundige figuur word gevorm?

b. Stip (1,1). Kan jy 'n ander meetkundige figuur vorm wat **kongruent** is aan die vorm in vraag 2a, deur die bestaande punte te gebruik?

c. Stip (5,1) en (3,3). Gebruik hierdie punte om 'n figuur te trek wat **gelyksoortig** is aan die figure in vraag 2a en 2b.

Tekere

Datum:

Toepassing van meetkundige figure en lyne vervolg

d. Plot (7,7) en (7,3). Trek lyne van (7,7) tot (7,3), van (7,3) tot (5,1) en van (7,3) tot (5,5). Watter geometriese figure het dit gevorm? Is hierdie geometriese figure kongruent aan enige ander vorms?

e. Stip (7,7). Trek 'n lyn van (7,7) na (7,3). Watter meetkundige figuur word gevorm? Is hierdie meetkundige figuur kongruent aan enige ander vorm?

3. Ons kry dikwels kongruente meetkundige figure in die natuur en in kuns. Identifiseer sulke vorms in die prente.

a. Skryf in jou eie woorde wat translasie beteken.

b. Kyk na die foto van die skoenlapper. Identifiseer die kongruente vorms. Wat merk jy op omtrent die vorms as jy dit met die vorms op die slang vergelyk?

c. Kyk na wat die juwele-ontwerper gemaak het. Identifiseer al die kongruente vorms. Watter tipe transformasies is gemaak?

4. Trek kongruente figure op hierdie grafiek. Gebruik die kleure wat vir elke figuur aangedui is: translasie (swart), refleksie (blou) en rotasie (rooi).



Probleemoplossing

Bespreek vraag 3 met 'n familielid.

Tekens

Datum:

58a Pythagoras se stelling

Hersien Pythagoras se stelling. Omtrent 2 500 jaar gelede het 'n man met die naam van Pythagoras 'n ongelooflike feit oor driehoeke ontdek. Kan jy nog onthou wat dit was?



Wat is die grootte van blok A? (4^2)
Wat is die grootte van blok B? (3^2)
Wat is die grootte van blok C? (5^2)
Wat kan jy opmerk?

1. Skryf 'n getallesin vir die volgende en los dit op.



2. Hier is die lengtes van die sye van 'n paar reghoekige driehoeke. Maak sketse om te wys dat die oppervlakte van die vierkant wat op die langste sy van elke reghoekige driehoek getrek is, gelyk is aan die totale oppervlakte van die vierkante wat op die ander twee sye getrek is. Jy moet baie mooi hieroor nadink. Jy sal ekstra papier nodig hê.

	Sy	Sy	Sy	
a.	6	8	10	
b.	15	25	20	
c.	45	36	27	
d.	20	12	16	
e.	9	15	12	

3. Skryf 'n vergelyking vir die volgende neer en bereken elke sy:

Voorbeeld



$4^2 + 3^2 = 5^2$

$16 + 9 = 25$

$25 = 25$

a.



b.



Tekere

Datum:

vervolg

Pythagoras se stelling vervolg

4. Skryf 'n vergelyking vir elkeen van die volgende neer:

Voorbeeld



$a^2 + b^2 = c^2$

a.



b.



c.



d.



5. Bepaal die lengtes van die onbekende sye in die volgende reghoekige driehoeke. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

Voorbeeld



$x^2 = (3\text{ cm})^2 + (4\text{ cm})^2$

$x^2 = 9\text{ cm}^2 + 16\text{ cm}^2$

$x^2 = 25\text{cm}^2$

$x^2 = \sqrt{25\text{cm}^2}$

$x = 5\text{ cm}$

a.



b.



c.



d.



Probleemoplossing

a. Gee twee voorbeelde van waar ons Pythagoras in ons alledaagse lewe kan gebruik.

b. Themba loop soos daar in die diagram gewys word. Hy beweeg 145 m noord en 50 m wes van die beginpunt af. Hoe ver is Themba nou van die beginpunt af?



Tekens

Datum:

59a Meer omtrent die stelling van Pythagoras

Lees die gesprek tussen hierdie twee bouers.



1. Bepaal die lengte van die reghoek se diagonaal.

Voorbeeld



$x^2 = (3\text{ cm})^2 + (4\text{ cm})^2$

$x^2 = 9\text{ cm}^2 + 16\text{ cm}^2$

$x^2 = 25\text{cm}^2$

$x^2 = \sqrt{25\text{cm}^2}$

$x = 5\text{ cm}$

a.



b.



c.



d.



2. Bepaal die lengte van die reghoek se diagonaal.

Voorbeeld



$x^2 = (5\text{ cm})^2 + (8\text{ cm})^2$

$x^2 = 25\text{ cm}^2 + 64\text{ cm}^2$

$x^2 = 89\text{ cm}^2$

$x^2 = \sqrt{89\text{cm}^2}$

$x = 9{,}40\text{ cm}$

a.



b.



Tekene:

Datum:

vervolg

Meer omtrent die stelling van Pythagoras vervolg

c.



d.



3. Bepaal die onbekende sy op elkeen van hierdie gelykbenige driehoeke.

a.



b.



c.



d.



Probleemoplossing

a. Lindiwe het haar leer teen die muur laat rus. Hoe ver strek die leer teen die muur op?



b. 'n Driehoekige gebied word geteël. Die sye van die oppervlakte is 8 cm, 12 cm en 18 cm. Is hierdie 'n reghoekige driehoek? Verduidelik jou antwoord.

Tekens:

Datum:

60 Omtrek van 'n vierkant en reghoek; oppervlakte van 'n vierkant en reghoek

Wat beteken hierdie formules? Verbind dit met die woorde aan die regterkant.

P = 4S	omtrek van vierkant
P = 2(l + w) of P = 2l + 2w	omtrek van reghoek
A = l^2	oppervlakte van vierkant
A = l × w	oppervlakte van reghoek
W = Wydte = Breedte = B	

1. Voltooi die tabel. Gee jou antwoorde in mm en cm.

Figuur	Watter formule sal jy gebruik om die volgende te bereken:	
	Omtrek	**Oppervlakte**
	Formule: P = mm = cm	Formule: A = mm^2 = cm^2
	Formule: P = mm = cm	Formule: A = mm^2 = cm^2
	Formule: P = mm = cm	Formule: A = mm^2 = cm^2

2. Konstrueer en bereken die oppervlakte en die omtrek van die volgende:

a. Reghoek ABCD waar AB = 2,4 cm en BC = 1,6 cm.

b. Vierkant ABCD waar AB = 3,9 cm.

c. Reghoek ABCD en vierkant BEFC, waar die reghoek en vierkant dieselfde sy BC deel en sy EF = 2,7 m en sy AB = 4,1 m.

Probleemoplossing

As die omtrek van 'n vierkant 24 cm is, wat is die lengte van elke sy?

Die omtrek van 'n reghoekige stuk grond is 29,5 m. As die lengte met 2 m verhoog word en die breedte met 1 m verminder word, bly die oppervlakte van die stuk grond onveranderd. Wys of dit waar of onwaar is.

Tekere

Datum:

61 Oppervlakte van 'n driehoek

Hersien die formules:

A = ½ (b × h)

Oppervlakte van 'n driehoek = ½ (basis × loodregte hoogte)

Elke driehoek het drie basisse (of sye), elkeen met 'n verwante hoogte. Hierdie hoogte van 'n driehoek is 'n lynsegment wat vanaf enige hoekpunt, wat loodreg aan die teenoorstaande sy is, getrek word.



Let wel: AD is die loodregte hoogte op BC van ΔABC

1. Wat is die formule vir die berekening van die oppervlakte van 'n driehoek?

2. Trek die volgende driehoeke en bereken die oppervlakte deur die basis en die loodregte hoogte van elke driehoek te meet.

a. 'n Gelykbenige driehoek.

b. 'n Reghoekige driehoek.

c. 'n Ongelykbenige driehoek.

3. Wat is die oppervlakte van 'n driehoek wat 'n:

a. Basis van 4 cm en 'n hoogte van 2,3 cm het?

b. Basis van 2,8 cm en 'n hoogte van 3,6 cm het?

c. Basis van 34 mm en 'n hoogte van 4,2 cm het?

4. Wat is die lengte van die basis van 'n driehoek wat 'n oppervlakte van 40 cm² en 'n hoogte van 4 cm het?

5. Bereken die oppervlakte. AB = 3,0 cm
AG = 1,5 cm
AG = ED
CD = 2



Probleemoplossing

As die oppervlakte van 'n driehoek 5,635 cm² is, wat kan die hoogte dan wees?

Tekere

Datum:

Kwartaal 2

Oppervlakte van parallelogramme en trapesiums

Hersien:
A = l × w
A = ½ (b × h)

Oppervlakte van 'n reghoek
Oppervlakte van 'n driehoek

Om die oppervlakte van 'n **parallelogram** te bepaal, kan ons 'n soortgelyke formule gebruik as vir die oppervlakte van 'n reghoek deur die lengte van die basis (lengte) met die loodregte hoogte te vermenigvuldig.



A = b × h
= 4,2 cm × 2,5 cm
= 10,5 cm^2

Die parallelogram kan in driehoeke verdeel word.



Om die oppervlakte te bepaal van 'n **trapesium** waarvan die lengte van die parallelle sye a eenhede en b eenhede is en die loodregte afstand daartussen h eenhede is, gebruik ons hierdie formule:

$$A = \frac{1}{2}(a+b)h$$



1. **Wat is die formule vir die berekening van die:**
   a. Oppervlakte van 'n parallelogram.

   b. Oppervlakte van 'n trapesium.

2. **Bepaal die oppervlakte van 'n trapesium, waarvan die parallelle sye 10,5 cm en 8,2 cm en die loodregte afstand tussen die sye 4 cm is.**

3. **Bepaal die oppervlakte van 'n parallelogram met basis 6,4 cm en hoogte 3,8 cm.**

Probleemoplossing

As die oppervlakte van die trapesium 39 cm^2 is, wat kan die hoogte dan wees?

Tekens:
Datum:

Opervlakte van 'n rombus en 'n vlieër

Oppervlakte van 'n rombus

'n Rombus is 'n spesiale soort parallelogram en die oppervlakte daarvan kan met dieselfde formule (A = b × h) of met hierdie formule bepaal word, waar die oppervlakte die helfte is van die produk wanneer die lengtes van die twee diagonale met mekaar vermenigvuldig word.

$$A = \frac{1}{2}xy$$



Oppervlakte van 'n vlieër

'n Vlieër het twee pare aangrensende sye wat gelyk is en een paar teenoorstaande hoeke wat gelyk is. Diagonale sny mekaar by regte hoeke. Een diagonaal word deur die ander gehalveer. Beskou die oppervlakte van die volgende vlieër.



Diagonaal AC = x
Diagonaal BD = y

$$A = \frac{1}{2}xy$$

1. Wat is die formule vir die berekening van die:

a. Oppervlakte van 'n rombus

b. Oppervlakte van 'n vlieër

2. Bepaal die oppervlakte van 'n rombus met diagonale wat 12,5 cm en 18,5 cm meet.

3. Bepaal die oppervlakte van hierdie vlieër.



Diagonaal AC = 22,5 cm
Diagonaal BD = 16,5 cm

a. Gebruik die formule.

b. Gebruik die formule vir 'n driehoek.

Probleemoplossing

As die oppervlakte van die vlieër 112 cm^2 is, wat kan die diagonale daarvan wees?

Tekene:

Datum:

64 Oppervlakte van 'n sirkel

Hersien die formules vir alle poligone wat jy tot dusver geleer het. Is 'n sirkel 'n poligoon of nie? Hoekom?

Oppervlakte van 'n sirkel

Die oppervlakte van 'n sirkel word deur 'n formule gegee:

Oppervlakte = πr^2 waar $\pi = \frac{22}{7}$ en r die radius is.

Let wel: Die waarde van π is 'n desimaal wat vir ewig aangaan, maar ons beperk dit gewoonlik tot drie desimale plekke: 3,142.



1. Wat is die formule vir die berekening van die oppervlakte van 'n sirkel? Toets die formule.

2. Konstrueer, benoem en bereken die volgende sirkels met hierdie middellyne.

a. 14 cm

b. 10,4 cm

c. 78 cm

Probleemoplossing

As die oppervlakte van die sirkel 154 cm^2 is, wat is die radius dan?

Tekere

Datum:

Kwartaal 2